



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

27 November 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nummer 9

Charlotte Sibanyoni bevestig

'Nuwe seisoen'

CONETTE LE ROUX

“Ek dink nie dit het al ingesink nie,” sê Charlotte Sibanyoni wat in November die eerste swart vroulike dominee in die NG Kerk word.

Die 26-jarige Charlotte is op 22 November om 19:00 in die NG gemeente Universiteitsoord in Pretoria bevestig.

“Ons is regtig opgewonde oor Charlotte se bevestiging,” vertel ds Ronél Meylahn, ’n leraar by Universiteitsoord. Die gemeente het vir Charlotte ’n gedeeltelike pos as studenteleraar van die Groenkloofkampus aangebied omdat dit haar “hart is om met studente te werk”. Sy gaan dié groep studente, wat geïsoleer is omdat hulle ver van kerke af in koshuise woon, in Engels bedien.

“Sy moes baie grense oorsteek om tot hier te kom en sy het dit op ’n baie stylvolle manier gedoen. Sy is ook kreatief en het soveel innoverende idees,” aldus Ronél.

Charlotte het die boek Rut as teks vir haar intrepreek gekies, verduidelik sy toe sy kort voor haar bevestiging telefonies met *Kerkbode* gesels het. “Ek is mal oor die storie van ’n klein familie wat deur ’n moeilike tyd gegaan het soos ons ook vandag gaan. Die vrou verloor alles maar ’n mens sien hoe God in hulle lewe werk. ’n Gewone vrou soos Rut vorm ook uiteindeelike deel van Jesus se geslagsregister!”

Charlotte haal die woorde van ds Jana de Lange, eersdaags haar kollega, uit ’n onlangse preek aan om haar ongewone reis te beskryf: “Gewone mense soos ek en jy is helde in hulle eie lewe. God maak die onverwagte persoon in ons oë juis die verwagte persoon om die wêreld te verander.” Dan voeg Charlotte by: “God gaan nou vir my, wat selfs deur die kinderhuissisteem is, ook gebruik om ’n verskil te maak.”

Hoewel die studente nie tans op kampus is as gevolg van inperkingsmaatreëls nie, het Universiteitsoord steeds besluit om in 2020 hulle nuwe

leraar te bevestig. Die rede hiervoor, vertel Ronél, is omdat Charlotte graag wil hê haar ouma Sophie Mahlangu, wat in haar laat 80’s is, moet die groot oomblik beleef.

“Dit gaan my so gelukkig maak om die mense wat na aan my hart is en ’n groot rol in my lewe gespeel het soos my ouma, daar te hê,” sê Charlotte.

Dr Gustav Claassen het benadruk dat dit ’n geskiedkundige oomblik ook vir die breër NG Kerk is. “Charlotte gaan by die Green leaf-bediening op die Groenkloofkampus betrokke wees,” het Claassen, die algemene sekretaris van die NG Kerk, vertel. “Ek dink (haar beroep) bring die verwagting van ’n boom wat bot, ’n nuwe seisoen nie net vir Universiteitsoord nie maar vir die kerk. Met haar besondere vaardighede en persoonlikheid maak sy haar gemeente en die NG Kerk skatryk.”

Dosent in Hebreeus


Kerkbode het twee jaar gelede ná Sibanyoni se geskiedkundige legitimasië oor haar reis tot in die NG Kerk berig. Sy het saam met haar ma in ’n buitekamer in die Moot gebly, later het haar ma Mamelodi toe getrek en het sy eers by vriende, toe in ’n plek van veiligheid en toe in die Louis Botha-kinderhuis gebly voordat sy in graad 11 die NG gemeente

Concordia se dienste begin bywoon het. Hier het sy ds Johan van Niekerk en sy vrou Rina ontmoet by wie sy gewoon het voor sy teologie begin swot het.

Sedert 2018 is Charlotte deeltydse dosent in Hebreeus aan die Universiteit van Pretoria, maar is intussen permanent aangestel.

Sy vertel haar reis tot dusver was nie net moeilik nie. “Die mense van die NG Universiteitsoord het dit so maklik gemaak. Dit is asof ons mekaar jàre ken. Dit het my journey net nog meer spesiaal gemaak,” vertel Charlotte.

• Volgens Marius Garbers, ’n lidmaat wat Universiteitsoord se kommunikasie behartig, word Charlotte se pos deur die Ring van Pretoria-Oos gefinansier.



Proponente
Bl 12-16

Nuut in die bediening

Wenners van skryfkompetisie:

Marius Schoombie
Freek Swanepoel
Maretha Maartens

Bl 10-11



Verhale verklap: Jy's 'plekdeler'

Ja, dis preke, vergaderings en uitreike. Maar daar is ook goed waarvoor teologiese opleiding jou glad nie voorberei nie. Soms is mense se stories ongemaklik en weerloos en dit is juis dáár waar dominees so gereeld ingenooi word, skryf MARILEEN STEYN en MELANIE THIRION.

Die vraag was eenvoudig: Wat doen dominees nou eintlik? Ná 'n informele rondvra-sessie kon ons vinnig bou aan 'n lys van die meer onverwagse en ongewone dinge wat kollegas en vriende al in die naam van dominee-wees moes doen.

Sommer vinnig het ons agtergekom dat dominees dikwels dáár is waar die grensoomblikke is – lewe en dood. Interessante (en soms snaakse) stories rondom begravinge het selfs gaan draai by 'n predikant wat moes ingryp en die lykswa self bestuur. Nog 'n predikant moes noodgedwonge by twee bevalings help.

Ook sake wat bevallings voorafgaan bring vrae. Daar is dominees wat saam na ginekoloogafsprake gegaan het en verskeie predikante vertel dat hulle plek-plek meer van hulle gemeentede se sekslewe uitgevind het as wat hulle beplan het. Moenie vergeet van diegene wat die bytjies en blommetjies aan oud en jonk moes verduidelik nie.

Ons vraag het ander geïnspireer om van hulle flaters te vertel. Soos die do-

minee wat in sy derde taal mense aangemoedig het om hulle hart vir die Here te gee, net om uit te vind dat hy van borsvoeding gepraat het. Of die dominee wat 'n egpaar se huwelik in gebed geseën het met die woorde: "God, please bless these elephants..." Selfs in jou eerste taal kan dinge skeefloop, soos in die geval van die dominee wat, in plaas daarvan om vir voorbedding vir die oom te vra, vir voorbehoeding gevra het.

Daar is natuurlik talle stories wat met ons gedeel is wat nie gepubliseer kan word nie. Hierdie stories oor die lewe en dood en alles tussen-in is die nugtere herinnering dat die sogenaamde "interessante stories" wat deel van die predikant se week uitmaak, nie net gesinsvermaak is nie.

Die bereidwilligheid van predikante om op hierdie Heilige Grond te staan en nie weg te skram van gebreke lykswaens of geboortepyne nie, gebeur omdat ons plekdeler (place-sharers) is. 'n Plekdeler, volgens teoloog Andrew Root, is iemand wat die volheid van mense en die kompleksiteit van gebro-

kenheid erken; wat saam met mense daarin deel en Christus in hierdie verhoudings herken en erken. 'n Plekdeler se verhoudings met mense hang nie af van die grootte van hulle maandelikse dankoffer of hulle kerkbywoning nie. 'n Plekdeler weet dat Christus teenwoordig is in elke verhouding, hoe vreemd of verregaande die verhouding en situasie oorkom!

Met die komende Kersgety vier ons immers dat Jesus Christus ons Plekdeler geword het en deur sy bediening en lyding nou Hy ons om deel te wees van ander se lewe en lyding. Plekdelers ken dit al te goed. Soos die jong dominee wat deur 'n gemeentelid gevra is om saam te gaan na die polisiekantoor om haar oorlede man se sakkie besittings te gaan afhaal na 'n noodlottige motorfietsongeluk. Hy het saam met haar seker gemaak dat haar man se trouing en beursie nie weggeraak het nie, en saam met haar gestaar na die bebloede T-hemp waarin dit alles toegedraai was. Christus se bloedige lyding en dood, skryf Root, openbaar vir ons God wat nie eenkant toe staan nie, maar wat ook ly.

Om die plek van vreemde versoeke, hartseer en vreugde met mense te deel, skep ook geleentheid om voorsmaak te gee van die toekoms waarna ons almal uitsien. Christus se opstanding gee

hoop en toekomsverwachting. Deur deel te wees van mense se Heilige Grond, getuig ons van hierdie hoop en toekomsverwachting. Om die nagmaal te bedien, al het die koster vergeet om wyn in die nagmaalbeker te gooi en jy, met 'n *straight face*, wind moet sluk, gee vir mense 'n voorsmaak van die toekoms saam met God, 'n toekoms sonder enige gebrokenheid, isolasie of lyding.

Plekdelers help mense om tuis te kom saam met God Drie-enig.

"As we share each other's place, through the power of God's own action in the incarnation, crucifixion, and resurrection, we're participating in God's own person," skryf Root in *Relationships unfiltered: Help for youth workers, volunteers, and parents on creating authentic relationships*.

Baie van die stories wat met ons gedeel is, getuig van die volheid van God Drie-enig se teenwoordigheid: die Skepper wat nuwe moontlikhede geskep het, Christus se verlossing wat tasbaar kon raak, die Gees wat op vele maniere getroos en gelei het. Die *koinonia* (gemeenskaplikheid) van die Drie-eenheid nou ons na *koinonia* met ons medemens.

Dit is wat dominees doen.

► *Marileen Steyn is verbonde aan die NG gemeente Saldanha en Melanie Thirion aan die NG gemeente Kenridge.*

NG GEMEENTE ROODEKRANS

Die kerkrad van NG Gemeente Roodekrans wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: JEUGWERKERSPOS

Dienstermyn: Vastetermyn-kontrakpos vir een jaar

Gemeenteprofiel: Ons gemeente is 'n voorstedelike gemeente in die Wesrand, in die Roodepoortarea.

Jeugwerkprofiel: Moet 'n lewende verhouding met die Here hê en die begeerte om Hom te dien; moet 'n lidmaat van die NG Kerk wees; goeie verhoudings en liefde vir jongmense; ervaring van jeugwerk en 'n bereidheid om te leer en te groei; kan organiseer en beplan; die vermoë om in mentorskap en 'n span saam te werk; passievol en kreatief wees.

Pligte:

- Die administratiewe en logistieke reëlins van kampe, uitstappies, kategeese, uitreike, jeugroepe; ontwikkeling van 'n span vrywilligers en eredienste in samewerking met jeugbediening in die gemeente.

Vergoeding en voordele:

- 'n Mededingende vergoedingspakket sal aangebied word.
- Aansoeker moet beskik oor 'n geldige bestuurderslisensie met eie vervoer asook eie akkommodasie.

Aansoek: Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV met drie referente se kontakbesonderhede.

CV's moet vergesel word van 'n beskrywing van jou siening oor die rol van 'n jeugwerker en 'n kort beskrywing van jou sterkpunte en groei-areas. Rig alle CV's aan: helene@ngkroodekrans.co.za

Sluitingsdatum: 3 Januarie 2021.

Diensaanvaarding: Datum sal nog bepaal word.

Navrae:

- Helene de Jager 011 768 1391/083 408 2132
- Ds Roelof Minnaar 072 159 0402

Die kerkrad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG GEMEENTE MEYERSPARK

VAKATURE: VOLTIDSE LERAAR (ONBEPAALEDE TERMYNPOS)

Die kerkrad van NG Meyerspark stel bogenoemde vakature bekend.

GEMEENTEVISIE: Die gemeente se visie is "Volgelingen van Jesus".

GEMEENTEPROFIEL:

NG Meyerspark in die ooste van Pretoria bestaan uit 980 lidmate waarvan 80 dooplidmate is. Binne die grense van die gemeente is verskeie aftree-oorde. Die gemeente is 'n omgeegemeente met 'n hart vir die evangelie. Die pos word ondersteun deur 'n pastorale hulp.

DIE SUKSESVOLLE KANDIDAAT IS IEMAND WAT:

- die Here liefhet, 'n hart het vir mense en 'n passie vir die evangelie;
- in hierdie uitdagende tye bereid is om visionêr op te tree en saam met die gemeente 'n pad te loop;
- beskik oor goeie, gesonde menseverhoudings;
- beskik oor goeie kommunikasie, rekenaar- en sosiale mediavaardighede;
- gemeenteprosesse verstaan en ontvanklik is vir vernuwing.

PLIGTE: Soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.

VERGOEDING EN VOORDELE:

In ooreenstemming met die aanbeveling en salarisskale van die Algemene Sinode. 'n Behuisingstoelaag word betaal, aangesien die gemeente nie oor 'n pastorie beskik nie.

AANSOEKERS MOET DIE VOLGENDE INLIGTING VERSKAF:

- Volledige CV.
- Motivering vir aansoek.
- DRIE referente met kontakbesonderhede.

Aansoekers wat vir onderhoude genooi word, woon onderhoude op eie koste by. Rig aansoeke per e-pos aan ngmeyerspark@absamail.co.za (Vir aandag: Die kerkrad).

Aansoeke sluit 28 Februarie 2021.

Navrae per e-pos of skakel die kerkkantoor (012 803 1531).

NB: Die kerkrad behou hom die reg voor om geen aanstellings te doen nie.

Gemeentes skenk ruim aan boere in nood

“Goudland het ’n hart vir boere. Boere was nog altyd Goudland se hart.”

Só sê ds Noël Schreuder, predikant by NG gemeente Peacehaven, oor Goudland Sinode wat onlangs R265 000 vir boere in nood in die Noord-Kaap, Vrystaat en Noordwes ingesamel het.

Ds Johan Brink, moderator van Goudland Sinode, sê dit was ’n inisiatief van die Sinodale Bestuurskommissie (SBK) van Goudland na aanleiding van versoeke uit dié sinode. Brink vertel dat die geld wat op Vrydag 6 November aan Agri Noordwes (NW) oorgedra is, aangewend gaan word vir ramphulp vir boere.

Die fondse van die ramphulp word aan boere geskenk wat alles in die on-

langse brande verloor het. Die geld word aangewend om voer en verse aan te koop. Geld word ook vir boere in droogtegeësterde gebiede geskenk. Die fondse word deur die groep van organisasies “Manna vir die Boere” versprei nadat mense op grondvlak die rampgebiede geïdentifiseer het.

Naudé Pienaar, adjunk-hoofbestuurder by Agri NW, sê dit is ongelooflik dat mense in hierdie moeilike tyd aan mense gee wat in ’n groter krisis as hulleself verkeer. Hy vertel: “Ek kry soveel emosionele oproepe. Die brande was verskriklik, maar ons moet nie vergeet van die boere in die Noord-Kaap en Oos-Kaap wat die afgelope ses tot sewe jaar nie reën gehad het nie,” het Pienaar gesê.

Gemeente skenk aan Hoopfonds

Ook op gemeentevlak kan gelowiges ’n reuse-impak maak. Die gemeente van NG Proteapark in Rustenburg het as bewys hiervan op 4 November die brandgeësterde Hertzogville boeregemeenskap met ’n skenking van R195 000 bygestaan. Die gemeente se fondsinasameling het begin met die kerkraad wat met R5 000 die gemeente uitgedaag het om dieselfde te doen, luidens ’n verklaring deur Christel Herbst, die bemarkingsbeampte. “Die gemeente het figuurlik vlam gevat en die skenkings het begin instroom.”

Die kerk se leraars het toe besluit om self die geld na die Vrystaat toe te neem. Ds Willem Pretorius vertel: “Soos ons die Vrystaat ingery het, so het die geld

steeds ingestroom. Teen 13:00 het die bedrag op R145 000 gestaan. Dit is die bedrag wat ons aan ds Hans Griesel oorhandig het. Teen die aand toe ons by die huis kom, het die bedrag steeds geklim.” Donderdag is die bedrag van R195 000 aan die NG Kerk Vrystaat Sinode se Hoopfonds inbetaal, luidens die verklaring.

“Ons het ryker vanaf Hertzogville teruggekom,” vertel sy medeleraar, ds Deon Strauss: “Die verskil wat ons maak het, is weerspieël in die boere se dankbare harte. Ons kon sien dat die boere in daardie omgewing vasberade is om weer uit die as op te staan. En soos baie kere tevore, het die verlies wat die boere ervaar, die land weer saamgesnoer.”

BLITSPROFIEL: Ontmoet Gerhard Theron

Regoor Suid-Afrika word kerkvensters as die son daarop skyn met allerlei kleure verhelder. Hierdie bykans alledaagse gesig is die handewerk van mense met ’n sonderlinge talent. Een so ’n vensterkunstenaar is wyle Leo Theron. Die NG Moederkerk op Stellenbosch en die St George-katedraal in Kaapstad is maar twee van talle kerkvensters waar sy handewerk pryk. Van Theron se kunswerke hang ook in die huis van sy broerskind prof Gerhard Theron, emeritusprofessor in verloskunde en ginekologie aan die Universiteit Stellenbosch. *Kerkbode* het prof Theron uitgevra oor sy bekende oom asook oor sy eie belangstellings.

Die foto hiernaas is ’n glasvenster deur Leo Theron. Hoe het hy in die glasbedryf beland en wat onthou jy van hom?

Na sy studies aan Rhodes Universiteit en die Sorbonne in Frankryk het hy hoofsaaklik met mosaïek gewerk. Hy het eers ook met loodglas gewerk en toe die oorgang na glas in beton gemaak wat die fokus van sy loopbaan as kunstenaar geword het. My oom was een van die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaars wat die oorgang van loodglasvensters na glas in beton gemaak het.

Oom Leo was ’n ware kunstenaar vir wie die beoefening van sy kuns sy lewe was. Hy was goed belese met ’n ruim

lewensbeskouing. Ek het baie oor die lewe van hom geleer.

Jy het self baanbrekerswerk in jou veld gedoen, nie waar nie? Jy het ’n tegniek ontwikkel om erge bloeding wat vroue na kraam ondervind te stop. Vertel vir ons meer.

In 2001 is ’n artikel in ’n mediese tydskrif gepubliseer oor die gebruik van ’n ballon wat in die uterus (baarmoeder) geplaas word om oormatige bloeding na geboorte te verminder. Die kommersiële produk was baie duur. Die Wêreld-Gesondheidsorganisasie (WGO) het voorgestel dat ’n kondoom gebruik kan word. Ek het gedink ’n chirurgiese handskoen sal beter werk en het dit begin gebruik. Die manier waarmee die handskoen as ballon gebruik is, was uniek. Dit is ’n oop sisteem en die druk in die ballon binne die uterus word beheer deur die hoogte van die toedieningsak bokant die pasiënt. Ek het geweet ’n kommersiële produk met die eienskappe van die handskoenballon sal in ’n groot behoefte voorsien. In die laaste jaar voor my aftrede het ek aansoek gedoen vir fondse by die Mediese Navorsingsraad (MNR) om so ’n produk te ontwikkel. In 2016 het ek saam met Sinapi Biomedical begin werk om die produk te ontwikkel en in 2019 is die Ellavi UBT vir kommersiële gebruik beskikbaar gemaak. Die produk kan teen ’n bekostigbare prys vir gebruik in lae- en middel-inkomste lande beskikbaar gemaak word. Ek het



’n Loodglasvenster deur wyle Leo Theron.

Sinapi gekies oor hulle etos om mediese produkte teen bekostigbare pryse te ontwikkel. Die produksielyn in die fabriek op Stellenbosch skep ook werk vir laaggeskoolde vroue wat voorheen werkloos was.

Hoe het Covid-19 jou as dokter beïnvloed?

Ek moes van die huis begin werk en kon nie meer in die hospitaal help nie. Ek het voortgegaan met studenteopleiding wat aanlyn aangebied is en kon onder Vlak 2 weer in die hospitaal begin help met kliniese begeleiding van finalejaar mediese studente. Studenteopleiding lê my baie na aan die hart.

Jy het ook in Malawi as dokter gewerk. Hoe sal jy jou tyd daar beskryf?

Ek en my vrou Anneke, ’n verpleegkundige, het beide in Nkhoma Hospitaal gewerk. Anneke vir ’n jaar en ek vir twee jaar. Ons eerste kind is in die tweede jaar gebore. Die mediese werk was ’n uitdaging, maar ook baie bevredigend. Die meeste siek mense het infeksies of infestasies wat vinnig gesond word met

die regte medikasie. Die Malawiërs is vriendelike en nederige mense. Dit was ’n plesier om in Malawi te woon. Ons mede-sendelinge het ons lewenslange vriende geword.

Jy is al lare lank die voorsitter van NG gemeente Kenridge se Bediening na Buite. Hoe sal jy jou roeping in Kenridge-gemeente en die bediening na buite beskryf?

Ek is reeds vir 37 jaar betrokke by die Bediening na Buite by NG gemeente Kenridge. Ek het met my terugkeer na Suid-Afrika gespesialiseer en ook twee jaar in Rietvlei Hospitaal in die voormalige Transkei gewerk. Dit was die voor die hand liggende ding om te doen.

Wat gee jou die grootste plesier?

Om saam met familie en vriende te toer, te kamp en bergfiets te ry.

Wat is vir jou die mooiste eienskap in mense?

Mense se reaksie wanneer hulle ervaar dat iemand vir hulle omgee. – **Jacobie M Helena.**



Prof Gerhard Theron

Lidmate moet toegegerus word om digitaal te groei

FRANCOIS LAMPRECHT

Kerke moes die laaste agt maande radikale skuiwe maak om effek-tief te kan bly bedien in 'n wêreld wat onverwags verander het. Predikante moes groot veranderinge maak en baie vinnig nuwe vaardighede aanleer. In baie gevalle met groot sukses. Die kerk het duidelik laat blyk dat dit meer as 'n globale pandemie en 'n inperking sal vat om bediening aan gelowiges en die uitbreiding van die koninkryk te stuit!

Dit is wonderlik om te sien hoe die kerkstrukture hierdie veranderinge aanpak. Dit is egter nie genoeg nie ... hoe verder ons groei in digitale bedienings, hoe meer word ons bewus van die belangrikheid van aanpasbaarheid en opleiding nie net vir predikante en leiers nie, maar vir lidmate ook.

Sonder lidmate wat toegegerus word om sinvol deel te neem aan digitale bedienings sal selfs die effektiëste aanlynbedienings heel moontlik meer toeskouers hê as betrokke lidmate. Hierdie vorm van bediening loop die gevaar om blote verbruikers te kweek wat nie regtig deel is van 'n ware erediens nie.

So hoe kan kerke lidmate help om werklik 'n sinvolle digitale ervaring te hê?

1. Skep heilige plekke

Het jy al aanlyn kerk probeer kyk terwyl die kinders 'n kussinggeveg loods in jou sitkamer? Die voordeel van aanlynkerk is dat jy enige tyd of plek kan kyk. Dit is ook een van die redes waarom dit in baie gevalle glad nie die impak het van 'n erediens wat jy persoonlik bywoon nie.

Lidmate kan aangemoedig word om vir hulleself plekke of ruimtes te skep waar hulle in 'n stil omgewing 'n erediens kan kyk. Kies 'n plek waar jy jouself inrig om vir 45 minute sonder onderbrekings of sturnisse deel te kan wees van 'n erediens. Kies ook jou tyd reg. Die voordeel van digitale kerk is dat dit nie 9:00 op Sondagoggend hoef te wees nie. Jy kan dit enige tyd van die week kyk. Kies vir jou 'n tyd wanneer jy weet dat julle as gesin die hele diens rustig kan kyk.

2. Kry kopspasie

Nie net 'n omgewing nie, maar ook wat in ons kop aangaan kort 'n bietjie stilte. Maak seker jy kán nou die kopspasie skep daarvoor – jou fokus moet daar wees. Een van die groot voordele van aanlynkerk is juis dat jy dit enige tyd kan doen, maar as jy elke week net in

die verbygaan daarna kyk terwyl jy ander goed moet doen gaan jy gou moeg raak daarvoor.

Om vinnig op te vang oor wat Sondag se boodskap was omdat ek hierdie week net nie die tyd kry vir kerk toe gaan nie, is 'n noodmaatreël, nie 'n goeie gewoonte nie. Om werklik geestelik te groei met behulp van aanlynkerk gaan jy meer dissipline aan die dag moet lê. Hierdie is 'n uitstekende tyd om die foon af te sit (as jy die erediens op 'n ander toestel kyk).

3. Gebruik simboliek

Een gewoonte wat help om die regte plek, tyd en kopsasie te hê vir aanlynkerk meemaak is simboliek. Die kerk het dit: preekstoel, kanselkleed, toga (as dit vir jou spiritualiteit werk), vensters, 'n kruis, doopbak en nagmaalbeker. Dit is alles beelde wat jou help voel jy is in 'n heilige tyd en ruimte saam met God, dit is dinge wat ons help fokus op Hom.

Jy kan dit by die huis met groot vrug gebruik. Steek vir julle as gesin 'n kers aan tydens kerktijd. Sit 'n glas en 'n bordjie met 'n stuk brood op die koffietafel. Maak jou Bybel oop voor jou al is die teks op die skerm. Ek het al selfs gehoor van iemand wat aantrek soos hulle sou aantrek vir kerk op 'n Sondag – as dit vir jou iets besonder is van kerk toe gaan, doen dit! Dit help jou sien en onthou waarmee jy nou besig is.

4. Deelname is baie belangrik

Hierdie is die ononderhandelbare wet van digitale kerk: Jy moet deelneem! Digitale dienste moet so opgestel word om deelname moontlik te maak en te stimuleer. Mense wat inskakel moet aangemoedig word om deel te neem. Daar is nie so iets soos 'n toeskouer in 'n erediens nie.

Deelname wissel natuurlik. Een

vorm is om kommentaar te lewer op 'n uitsending of video. Facebook, YouTube en ander uitsendingsplatforms bied die geleentheid om dit te kan doen. Dit is effe moeiliker as jy op 'n televisie kyk as op 'n tablet of foon, maar as jy enigins kan: groet, vra jou vraag as jy een het, wens die ander wat saam met jou inskakel sterkte toe vir die week. Dit wys jy is daár, dit laat ander ook deel voel van iets groter en dit help jou beleef dat jy deel is van 'n gemeenskap.

Ander vorme van deelname is ook belangrik soos om te sing. Almal is nie die grootste solo-kunstenaars nie, maar dit is onmiskenbaar deel van 'n Christense geloofslewe om tot God te sing. By die kerk kan jy weggroep agter ander se groter stemme, maar by die huis is jy darem tussen geliefdes wat jou sal vergewe. Sing net!

Wanneer dit nagmaal is voorsien lidmate self in die brood en wyn. Kry dit voor die tyd gereed, neem heelhartig deel aan die sakrament. Dit was nog altyd God wat iets spesiaal van sakramente maak, nie predikante se hande nie. Bid saam wanneer daar gebid word, lees wanneer daar gelees word.

Wanneer gemeentes digitale erediens-te met so 'n fokus aanbied en lidmate met so 'n gesindheid deelneem daaraan is daar geen rede waarom ons nie in ons eie huis die grootse teenwoordigheid van God kan beleef nie. Hy was in elk geval nog altyd daar ... hierdie paar stappe help ons dalk om dit meer te beleef.

• Die eerste Digiklesia-webinaar was ses gesprekke wat fokus op die geleent-hede en uitdagings van aanlynbediening. Hierdie gesprekke is gratis beskikbaar by <http://ngkerkpellissier.co.za/> digiklesia en ons deel dit graag met jou.

► *Ds Francois Lamprecht is 'n leraar by die NG gemeente Pellissier in Bloemfontein.*



Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familiegevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontempêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn** en **dr Herman Nienaber**
Facebook: **Kerk in die Stad.**

Webblad: www.perthunitingchurch.com.au

E-pos: hannesh@ucic.org.au en hermann@ucic.org.au



LICORNA BEACH

UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS

Luukse seefront-vakansiewoonstelle.

Slegs 20 km noord van Durban.

♦ Volledig toegegerus ♦ Satelliet-TV ♦ Wassery

♦ Lugreëling

♦ Diens

♦ Swembad

SENIOR BURGERS: "Geen trappe van woonstel na strand"

Besprekings: Tel: **031 561 2344**, faks: **031 561 2974**

Lagoonrylaan 82, Posbus 554, Umhlanga 4320

E-pos: licorna@intekom.co.za

Webwerf: <http://www.licorna.co.za>



Profiel: Stefaans Coetzee

Eers bomme geplant, nou groente

JACO STRYDOM

Ek onthou nog goed waar ek die eerste keer gehoor het van die Peace Train. Dit was by 'n jeugweek op Worcester. Hans Steyn, 'n dominee van die NG gemeente Worcester-Valleikerkerk het my die storie vertel.

Daar was 'n bomontploffing in Shoprite, die bom is geplant deur 'n seun, 'n klomp mense is dood en beseer, die Peace Train was 'n trein vol slagoffers van Worcester wat met die seun wou praat in Sentraalgevangenis in Pretoria ...

Dit het geklink soos 'n flik. Iets wat net in fiksie kon gebeur.

En daar is vandag 'n flik, maar dit is nie fiksie nie. 'n Paar jaar gelede sien ek die film *Black Christmas*, kort daarna ontmoet ek vir Stefaans Coetzee by 'n konferensie. Ek nooi hom saam plaas toe. Ons ry op 'n bootjie op die Wilgerivier, Stefaans se eerste keer, want hy was vir die grootste deel van sy volwasse lewe toegesluit in 'n tronk. Tot laat daai nag, vertel hy my sy storie.

Sy kinderjare was 'n amper klassieke tragedie. "Ek het grondpad geloop, dit was hard, maar my kinderjare is ongelukkig nie uniek nie, elke tweede kind wat ek vandag in die townships raakloop het 'n soortgelyke verhaal, my storie is hulle storie," sê hy.

Stefaans was vyf jaar oud toe sy ma vir hom geld gegee het om lekkers te gaan koop. Toe hy terugkom by die huis, was sy ma weg. Sy pa was 'n volslae alkoholis. Kort daarna beland hy in 'n kinderhuis.

Dit was rof. Stefaans dra vandag nog 'n litteken van hoe die kinders hom geboelie het. Hy het gou geleer baklei, aanvanklik om homself te verdedig, maar later ook om homself te bewys. Stefaans vertel hoe hy en 'n groep skoolvriende

gereeld in die aande rondgeloop het op soek na swart mense om aan te rand. Hulle het geglo swart mense is die vyand.

Een van sy grootste inspirasies in die tyd was sy skoolvriend se pa wat 'n leier was in 'n verregse groep genaamd die Israelvisie.

Stefaans het die skool op 'n vroeë ouderdom verlaat en op die Israelvisie se plaas gaan woon. Die man het baie moeite gedoen met Stefaans en hom begin onderrig in die Bybel.

In sy boek *Wit Wolf* skryf Stefaans: "Een van die gewilde teksverse was Deuteronomium 17:15: 'Stel dan tog die koning aan vir wie die Here jou God kies. Jy moet iemand uit jou eie volk as koning aanstel. Jy mag nie 'n uitlander, iemand wat nie uit jou volk is nie, as koning aanstel nie.' Om die kampvuur het die toekomstige terroriste besluit om swart en bruin mense met die 'banvloek te tref', want God verbied dit in sy Woord dat hulle oor sy wit volk mag regeer. Hulle moes dus uitgemeor word."

Hy was 19 jaar oud toe hy op Oukersdag 'n bom in die Shoprite in Worcester plant. Vier mense sterf en baie is beseer.

Stefaans vertel dat hy destyds kort na die ontploffing teleurgesteld was toe hy hoor dat so min mense dood en beseer is, "ek en die ander wou soveel moontlik van die vyand se koppe vat".

Iets wat hom wel later ontstel het, was toe hy hoor dat daar kinders onder die slagoffers was. Dit het hom so gepla dat hy besluit het om homself oor te gee aan die polisie.

Hy is uiteindelik skuldig bevind en gevonnissen tot 40 jaar tronkstraf.

In die tronk moes hy weer baklei om te oorleef. Stefaans het gou sy reputasie as rassis gestand gedoen en onder andere deel geword van verregse groepe in die gevangenis en via briewe kontak gemaak met neo-Nazi's en ander White Supremacist-groepe oorsee. Die ander



gevangenes het hom Hitler begin noem.

Maar daar het ook 'n paar vreemde dinge in die tronk gebeur. Dinge waarteen hy nie kon baklei nie.

'n Leier van een van die swart bendes in die tronk, wat Stefaans sê eintlik veronderstel was om hom te vermoor, het die mense in die massa-sel begin stilmaak sodat hy vir sy matriekexamens kon studeer.

Toe hy in 'n saak op 'n ander dorp moes getuig, het 'n klomp gevangenes, wat geweet het wie hy was en hoe hy oor swart mense voel, vir hom 'n klomp tebroodjies gebêre, want hulle het geweet hy gaan honger wees as hy terugkom.

'n Swart bewaarder het geweet Stefaans hou van lees en het vir hom die boek *Who moved my cheese?* gegee – wat 'n groot indruk op hom gemaak het.

"Dié mense was veronderstel om my te haat, en nou was hulle goed vir my," sê Stefaans.

Eugene de Kock, saam met wie hy toegesluit was, het in dié tyd baie met hom gepraat oor vergifnis. Hy het vir Stefaans gesê dat die Boerevroue en -kinders wat dood is in die konsentrasiekampe hom eendag in die hierna-maals sou kwalik neem, want hy het vroue en kinders seergemaak.

'n Klomp goed het gebeur, in kort: Stefaans het tot bekering gekom en ingeskryf vir 'n kursus in restituisie. Sy lewe het verander. Stefaans was nou 'n

vredemaker.

Een van die mees aangrypende dinge in sy lewe was sy interaksie met die slagoffers van Worcester. Van die mense het hom persoonlik kom sien en later was daar die Worcester Peace Train, 'n treinrit na Pretoria Sentraalgevangenis met onder andere die 67 oorlewende slagoffers aan boord. Stefaans het 'n kans gekry om jammer te sê en hulle vrae probeer beantwoord. Hy het besluit dat hy enigiets sal doen wat hulle pyn kon verlig. Dit gaan oor hulle, nie oor hom nie.

Die plaaslike gemeentes het 'n enorme rol gespeel in die genesende verhaal van die gewonde mense van die Worcester-bomaanval. Vir een keer was die kerk regtig 'n brug – of 'n trein – na vrede en versoening.

Stefaans is na 18 jaar vrygelaat. 'n Vrou wat vroeër in sy gesig vir hom gesê het, sy haat hom, en sy sal hom nooit vergewe nie, het met die paroolraad gaan praat. Iets wat hy geensins verwag het nie.

Vandag plant Stefaans groentetonnels, meestal in townships. "Die tonnels gee vir my tyd saam met mense, tyd saam met kinders en die gemeenskap, dis maar my simbool wat ek gebruik om vir mense te sê, liefde en vergifnis is iets wat 'n mens dóén, iets wat geleef moet word."

Sy derde boek word een van die dae voorgelê aan die uitgewers, hy is onlangs verkies as die bestuurder van Life FM Radio en trou vroeg volgende jaar.

Sy storie kan 'n mens help om weer te glo.

Hierdie is die kortste moontlike opsomming van Stefaans Coetzee se lewe! Lees gerus sy boek *Wit Wolf*, kyk die film *Black Christmas* of luister na die podsending van ons gesprek op www.kerkbode.co.za.

► Ds Jaco Strydom is predikant by die NG gemeente Villieria in Pretoria.



NUWE
stemme

'Ons begin rof en grof, maar ...'

JAN COETZER

Net voor my 21ste verjaarsdag het ek vir my ouers gevra of ek 'n boor vir my verjaarsdag kan kry. Ek het 'n gedagte gehad om eenvoudige boekrakke te maak en te verkoop, aangesien studente op Stellenbosch altyd boekrakke sal nodig hê. Ek het op hierdie stadium geen houtwerktoerusting gehad nie, so Timbercity het die hout vir my gesny, waarna ek die boekrakke met my nuwe boor aanmekaar gesit het.

Later het ek begin dink om kleiner voorwerpe te maak en dit by markte te verkoop, so met die bietjie wins wat ek gemaak het, het ek my eerste saag ge-

koop en plek bespreek by 'n Saterdagmark. Hierdie was 'n fout. Ek het niks verkoop nie en het 'n verlies gemaak. Die meeste mense sou teleurgesteld wees hieroor, maar daar was 'n seëning: Voor die mark wou ek vir myself 'n houtteken maak waarop my 'besigheid' se naam gedruk sou word. Ek het op die internet gesoek hoe om op hout te druk, waarna ek in die konyn-gat van houtwerk op YouTube ingegaan het. Ek was gefassineer deur die meubels wat mense maak en het gedink: 'Ek wil dit doen.' Ek het nooit houtwerk op skool gehad nie, so ek het tussen my studies en deelydse werk vir myself, met behulp van die

internet, geleer hoe om veilig en akkuraat houtwerk te doen.

Tydens my studentejare het ek vir Stellenbosch Moederkerk gewerk en het 'n maandelikse honorarium gekry. Met hierdie geld het ek stelselmatig vir my 'n werkwinkel aangeskaf. Die kerk het my in staat gestel om te kan begin met houtwerk. Vandag het ek al talle soliede hout-meubelstukke vir klante gemaak, soos koffietafels, epoxy-riviertafels, bedkassies, boekrakke en meer.

Vir my gaan houtwerk nie net oor die geld nie. Geld is wel belangrik, want hout is duur en die toerusting wat ek gebruik is ook duur, maar dit is meer wat dit vir my siel doen wat belangrik is.

Met houtwerk vat ek growwe, rowwe hout en verwerk dit tot 'n erfstuk. Ek doen houtwerk om die stres van die bediening te verwerk.

Dit is 'n vreemde paradoks. Ek kon begin met houtwerk as gevolg van die kerk, maar dit is ook die kerk se 'skuld' dat ek houtwerk doen. Houtwerk is 'n spirituele ervaring, omdat dit 'n goeie metafoor is van hoe God met mense werk. Ons begin rof en grof, maar nadat ons geskaaf en geskuur is, word ons 'n pragtige erfstuk. Miskien is dit hoekom Josef en Jesus skrynwerkers was.

► Jan Coetzer is 'n proponent wat sy gemeentenaar vanjaar by NG gemeente Durbanville gedoen het.

Annus mirabilis?

Hierdie kan nou maklik na een van daai “julle is almal wenners”-uitlatings klink, maar hoe anders verwoord ’n mens die feit dat dit eenvoudig moeilik is om een inskrywing bo die ander te kies vir iets so subjektief soos ’n skryfkompetisie? Terwyl ons oortuig is van die gehalte van die skryfwerk in die drie wenbriewe, huiwer ons om te maak asof daar nie vele ander inskrywings was wat heerlike leesstof bied nie. Juis daarvoor sal ons nog meer van die inskrywings oor die stiller vakansiemaaand publiseer en so met lesers deel. Maar hierdie week staan ons op bl 10 en 11 stil by die weninskrywings en publiseer dit graag ten volle in hierdie, ons laaste uitgawe vir 2020.

Volhoubaarheid van Kerkbode

As jy hierdie woorde in papierformaat lees, is ons veral aan jou innige dank verskuldig. Die finansiële ondersteuning wat ons via intekenaarsfoorie ontvang, is steeds die “hoofborg” van gehaltejoernalistiek. Ons werk hard om ons digitale inkomste te versterk sodat ons ook geldelike groei in dieselfde ruimte sien waar ons beduidende groei in leserstal geniet. Maar dit vat tyd en jou volgehoue ondersteuning dra ons daardeur.

Een van ons skryfkompetisie se drie afdelings het gevra dat deelnemers dink oor 2020 as sogenaamde annus horribilis. Ek leen uit Lynette Strydom se inskrywing, waar sy die ding omkeer en skryf: “Sal ons regtig wil teruggaan na ons óú lewe?”

“’n Jaar wat in ons geskiedenisboeke aangeteken gaan word. Nogtans kan ons dankie sê vir die lewenslesse wat ons in hierdie tyd kan leer. Grendeltyd leer ons om stil te staan – mekaar opnuut te leer ken en te besef waar ons rykdom lê. Ons is skatryk!”

“Sal ons hierdie jaar merk in ons lewe as annus horribilis of annus mirabilis?”

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Intekenare/gemeentenavrae:

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na
kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:

Le Roux Schoeman

leroux@kerkbode.co.za

Tel 021 864 8247

Joernalis: Jacobie M Helena

Tel 072 828 9760

E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper:

Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser:

Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath

Sel 072 357 8914

E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen

E-pos: lida@tydskrifte.co.za

Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemarring:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

André Bartlett

OP DIE KERKSTOEP



Liefde in die tyd van Korona

Die boek wat in hierdie vreemde Covid-19-jaar vir my ’n soort begeleidende teks was, is Scot McKnight se *Reading Romans backwards*. Miskien sê die titel al iets oor die manier waarop ons vanjaar uitgedaag is: om as ’t ware “van agter af” – vanuit die toekoms – te leer om op ’n radikaal nuwe manier te leer leef en werk.

McKnight wys daarop dat die gelowiges vir wie Paulus sy brief geskryf het, nie net ’n klein minderheidsgroep in die groot wêreldstad Rome was nie, maar dat hulle ook ’n diverse groep mense was wat oor baie sake, onder andere ook belangrike geloofsake, ernstige meningsverskil met mekaar gehad het. Aan die een kant het hulle die bedreiging ervaar dat hulle deur die nie-gelowige heidendom rondom hulle verswelg kon word, terwyl hulle aan die ander kant die gevaar geloop het om deur hulle onderlinge verskille uitmekaar geskeur te word.

Vir hierdie mense sê Paulus: “Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe” (12:2). Uit die res van die brief blyk dit dat hierdie nuwe manier van dink beteken om nie net “in Christus” te wees nie, maar om ook “soos Christus” te dink en te handel. Dit beteken om op ’n nuwe manier, soos Christus, te dink oor God, oor mekaar en oor ander mense.

Om nuut te dink oor God is om te ontdek dat God nie net sekere mense (wat toevallig ook soos ons is), in die oog het nie, maar dat Hy oor alle mense besorgd is en alle mense wil bevry van die ellendige doodbestaan waarin die “human condition” ons vasgevang hou.

Vir die nuwe manier van dink oor mekaar en oor ander mense gebruik

Paulus twee verwante terme: *filadelfia* (“onderlinge broederliefde”) in 12:10 en *filoksenia* (“liefde vir vreemdelinge”) in 12:13. Mense wie se lewe hierdeur gekenmerk word, is “soos Christus” en gee daarmee uitdrukking aan die wil van God, want, sê Paulus: “Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit” (13:8).

Waarmee hierdie boek van McKnight my vanjaar veral gehelp het, is om opnuut te besef dat ons ook in die ontwrigtende tye wat ons tans beleef, gestalte moet gee aan die werklikheid dat God ons vernuwe om volgelinge van Christus te wees wat met ons doen en late strewen om ook soos Christus te wees.

Dit het enersyds implikasies vir ons onderlinge verhoudinge as gelowiges. Soos in die geval van die Christene in Rome is daar onder ons ook sake waaroor ons drasties van mekaar verskil en waaroor ons paaie dreig om uitmekaar te loop. Soos daardie vroeë Christene word ook ons uitgedaag om steeds hartlike onderlinge liefde te betoon en met eerbied teenoor mekaar op te tree (12:10), en om ten spyte van diepgaande verskille mekaar te aanvaar soos Christus ons aanvaar het (14:7).

Die probleem is nie dát ons van mekaar verskil nie, maar hóé ons ons verskille hanteer: of ons nou doleer of nie doleer nie, ons behoort almal aan die Here. En as ons aan die Here behoort, is ons ook aan mekaar verbind, en dink en praat ons op ’n ander manier oor mekaar en tree ons ook anders teenoor mekaar op.

Ons word andersyds ook uitgedaag in ons verhouding tot alle ander mense. Die Covid-19-tyd het ook van die ge-

vaarlike breuklyne in ons samelewing blootgelê:

- die groot kloof wat armoede skep tussen dié wat het en dié wat nie het nie (dink aan hoe baie mense in hierdie tyd hongersnood en werkloosheid in die gesig staar);
- die weerloosheid van sekere groepe mense (dink aan vroue en kinders, en ook ons landbougemeenskap – boere én werkers);
- die rassesspanning wat nog altyd onder die oppervlak van ons saamleef met mekaar lê en prut (dink maar aan Senekal en Brackenfell);
- die destruktiewe effek van korrupsie en staatskaping op ons ekonomie en op die vooruitsig van miljoene mense op ’n meer leefbare bestaan.

Al hierdie dinge mag nie by ons as kerkmense verbygaan nie, al laat dit ons soms voel asof ons daardeur verswelg gaan word. Juis dit is die werkterrein waar ons as Christene saam met mekaar en saam met ander ’n verskil moet maak. Of soos Paulus sê: “Leef in vrede met alle mense” (12:18). En “vrede” in die Bybel is *shalom*: die volheid van God se goedheid wat neerslag vind in die welwese van mense. Dit is ons uitdaging: om ook buite die mure van ons kerkgeboue en buite die veiligheid van ons onderlinge gemeenskap só te lewe dat al meer mense kan deel in die lewe in oorsvloed wat God vir sy ganse skepping in die oog het.

Onthou: In al hierdie dinge (na binne én na buite) is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet (8:17). Ook in die tyd van Korona.

► Dr André Bartlett is voorsitter van NG Sinode Hoëveld.



Marileen Steyn

JY SWOT WAT?

Die nagmaal

In dié rubriek gesels die skrywer met PhD-studente oor

Ter afwagting van die tyd van skaapboud en sjerrie, het *Kerkbode* gaan gesels met dr Angelique Havenga. Haar belangstelling is ook dié van die tafel, dié van die liturgiese tafel waarrondom Christene vergader vir die viering van die nagmaal. In haar proefskrif getiteld “Om te word wat ons sien en te ontvang wat ons is: ’n Prakties-teologiese studie van die verhouding tussen die nagmaal en menswaardigheid in ’n tyd van rassesseiking” herontdek Havenga die betekenis van die nagmaal vanuit die werke van Johannes Calvyn.

Vroeg-vroeg in haar bediening het

Havenga na die sakrament van eenheid gekyk met ’n diepe bewussyn van die skeiding tussen die NG Kerk en die VG Kerk. Met haar vooropgestelde idees het Havenga vir die oorsprong van hierdie skeiding by Calvyn gaan soek, net om verras te word. Hierdie vlugteling, het sy gevind, het eerder reg deur sy bediening die kerk uitgedaag om die grense wyer te trek – en die uitdaging staan vandag nog.

Havenga gebruik die lens van menswaardigheid in haar studies en identifiseer twee dimensies inherent tot menswaardigheid. Die spreekwoordelike vertikale lyn van menswaardigheid lê in

die feit dat die mens in die Beeld van God geskep is, ’n identiteit waarvan die mens onvervreembaar is.

Die horisontale lyn behels die mate waartoe mense mekaar herken en erken. Dit is hierdie lyn van menswaardigheid wat op die spel is wanneer daar verdeling in die viering van die nagmaal is en wanneer Christene, hetsy opsetlik of nie, mekaar se menswaardigheid verwring en misken.

Nagmaal is die hart van die verstaan van gemeenskap. Die betekenis en waarde hiervan word egter bedreig wanneer die nagmaal in afsondering gevier word. Hiér praat Havenga nie net



Geseënd is die getraumatiseerdes

By die pasafgelope moderamenvergadering van die Wes-Kaapse Sinode het prof Julie Claassens, wie se boek oor trauma – *Writing and reading to survive* (2020) – eersdaags verskyn, 'n gesprek oor trauma ingelei. Sy het verwys na die talle traumaverhale wat ons in die Bybel teëkom: verhale oor moord, en verkragting, en marteling. Verhale wat dikwels nouliks resoneer met ons eie ervarings van trauma.

In haar aanbieding het sy verwys na 'n boek van 'n sielkundeprofessor aan Boston Universiteit in Amerika, Bessel van der Kolk: die topverkoper *The body keeps the score* (2015). Die tema van hierdie boek is aangrypend, en het my herinner aan 'n gedig van die vrouedigter Rupi Kaur, wie se splinternuwe digbundel *Home body* (2020) pas verskyn het. Sy eggo hierdie idee:

there are whole blackouts
in some of the years i have lived
my therapist says our minds erase
trauma
to help us move on
but every experience i've had
is memorized in my flesh

even if my mind forgets
my body remembers

Ons liggaam onthou. Trauma gaan sit aan ons lyf. Ons liggaam hou boek van ons traumas, selfs wanneer ons verstand ons daarteen beskerm. Dalk is dit selfs erger dat ons trauma soms nie eens kan onthou nie. Dit skep, addisioneel tot die alreeds verwoestende gevolge van trauma op ons psige en verhoudings, 'n diepe self-vertwyfeling en self-verwyt: Het dit gebeur, of het dit nie? Kan ek my eie geheue, en daarmee myself, vertrou – of kan ek nie? Voeg daarby ons geneigtheid om slagoffers te blameer vir hulle trauma – soos: Waarom was hy hoegenaamd in die kuierplek, as hy nie geslaan wou wees nie? of: Hoekom het sy so 'n kort rokkie aangetrek, as sy nie verkrag wou wees nie? – dan word dit pynlik duidelik waarom soveel mense in stilte voortworstel.

Maar selfs wanneer ons nie kan onthou nie, onthou ons liggaam, en betaal ons steeds die prys. Dikwels betaal ons daardie prys in die vorm van angs en depressie waarmee ons ons lewe lank sal saamleef. Dikwels betaal diegene wat

die naaste aan ons is ook daaraan, wanneer daar sekere woorde of optrede is wat ons trauma sneller. Daar bestaan boonop die moontlikheid dat ons, vanuit ons trauma, weer op maniere kan optree wat vars trauma aan ander veroorsaak. Dink maar aan gebeure soos die Anglo-Boereoorlog of Grensoorlog, en watter soort diep generasionele trauma dit nie binne ons families veroorsaak het nie.

In hierdie afgelope jaar is daar beseerlik 'n persoon wat hoegenaamd geen trauma beleef het nie. Die vreesaanjaende van trauma is dat dit ons onverhoeds betrap en geheel en al stroop van ons agentskap. Dit maak nie saak wat ons kies of nie kies, wil hê of nie wil hê, probeer doen of probeer om nie te doen nie – deel van ons trauma lê daarin dat ons geen keuse het nie. Ons is die geforseerdes, die gedwingdes.

Dit het my laat beseef dat daar in ons eie midde, aan die hart van die kerk, ook so 'n herinnering aan 'n diepe en intense trauma leef: die kruisiging. Is dit nie verbysterend dat die kerk juis sou vergader rondom die herinnering aan Christus se trauma aan die kruis nie?

Die instrument van Christus se teregstelling hang ons tog immers om ons nek, in ons huis, en in ons kerke.

Maar dalk is daar juis 'n vreemde soort vertroosting en bemoediging opgesluit daarin dat Christus vir Thomas uitnooi om sy vingers in sy wonde te steek – wonde wat ons ons dikwels verbeel is eerder letsels as vars wonde: netjies toegewerk, weer vasgeheg, raakbaar, mooi, genees. Nie gapend oop nie, nie met bloed wat nog daaruit vloei nie, nie asof die spykers en spies maar enkele dae gelede nog Christus se liggaam oopgesny en oopgebreek het nie.

Dalk is ons dan ook veronderstel om nié te vergeet nie, maar juis om te onthou van Godstrauma aan die kruis. Dit is tog die opdrag: Wanneer ons die nagmaalwyn drink en onthou van Christus se bloed wat gevloei het; en wanneer ons die nagmaalbrood eet en onthou van Christus se liggaam wat gebreek is. En wanneer ons Christus se trauma aan die kruis onthou, en dat die Getraumatiseerde Een ons Verlosser en Saligmaker is – sou daar nie ook ruimtes geskep word waar ons kan waag om ons eie traumas ook te onthou nie?

Trauma lê immers aan die hart van wat ons bely die goeie nuus van die evangelie is, naamlik dat Christus ter wille van ons ly en sterf. Mag ons daarom onthou, wanneer dit binne ons donker word – “as die donker my kom haal en die Here my nie soek nie” (Heuwels Fantasties) – dat Godstrauma ons traumas ondervang en dra; en dat ons trauma nie net in ons eie liggaam gedra word nie, maar ook in God se liggaam: die kerk. Geseënd is die getraumatiseerdes.

► *Dr Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*

Daar bestaan boonop die moontlikheid dat ons, vanuit ons trauma, weer op maniere kan optree wat vars trauma aan ander veroorsaak.

moet saamvoeg

interessante navorsingsonderwerpe.

van die afsondering tussen gemeentes nie, maar ook die afsondering wat binne die viering van die nagmaal in een erediens sigbaar is. Die gebruik van aparte glasies in die NG Kerk, terwyl daar in aparte banke gesit word, sonder dat daar eens na die ander gekyk word, lei daartoe dat daar van die ander vergeet word. Die nagmaal verander dan in 'n individualistiese viering van persoonlike verlossing.

Deel van die oplossing lê vir haar in die instelling van die vredesgroet na die skuldbelydenis. So ook stel sy voor dat die nagmaal aan die breër gemeenskap gekoppel word deurdat die gemeente

die brood elders na afloop van die diens breek.

Havenga bevestig dat die nagmaal selfs in die afsondering van Covid-19, waar gemeentes steeds nie almal saam die nagmaal vier nie, waardevol kan wees. Wanneer die kerk onthou dat die nagmaal nie net 'n gedagtenismaaltyd is nie, maar ook 'n maaltyd wat mense – in die teenwoordigheid van die gasheer, die gekruisigde, opgestane Jesus Christus – met mekaar verbind, maak dit nuwe (of eerder ou) deure oop vir mense om aan mekaar, te midde van afsondering, verbonde te kan bly.

Die nagmaal is eindelijk die herinne-

ring dat ons, deur die teenwoordige en regerende Christus, nie net verbonde is aan die mense wat ons kies nie, maar ook wat ons nie kies nie. Baie soos daardie familieledes om die Kerstafel.

● *Dr Angelique Havenga ontvang in Desember 2020 haar doktorsgraad nadat sy dit suksesvol verdedig het. Sy is ook predikant by Stellenbosch Moederkerk / Kruiskerk.*

► *Marileen Steyn is tentmakerleeraar van NG Saldanha met 'n spesifieke fokus op jeugbediening.*

□ *Het jy 'n storievoorstel vir hierdie rubriek? Kontak die skrywer by marileen.steyn@gmail.com*



Dr Angelique Havenga

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvulvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Definitief gaan dit oor mense

Johan van Noordwes skryf:

Gerrit Engelbrecht skryf (*Kerkbode*, 23 Oktober) dat die “gay”-kwessie nie om 'n saak gaan nie, maar om mense.

Ek wil hiermee heelhartig saamstem en probeer graag om sy vrae vanuit 'n behoudende perspektief te beantwoord.

Eerstens word niemand as tweede-rangse lidmate behandel nie. Heilige seksualiteit (ek leen by Christopher Yuan) word van alle Christene verwag. Seks word net binne die konteks van 'n huwelik tussen een man en een vrou heilig geag volgens Bybelse standaarde en almal word by dieselfde standaard gehou. Die vereiste om selibaat te wees, is dus op alle ongetroude persone van toepassing.

“Verhoudings van liefde” word ook aangemoedig onder Christene. Ons word tog daartoe beveel deur Jesus self. Om egter iemand anders in sonde te sterk, saam daaraan deel te neem of dit goed te keur kan tog nie as liefdevol beskou word nie. 'n Mens se siel is tog van meer waarde as ons aardse liggame en dus moet ons klem eerder op ewige bestemming as op aardse bevrediging wees.

Mense is definitief vir Jesus belangrik, hoekom anders sou Hy sy lewe vir ons opoffer? Jesus het egter ook self gesê: “As julle My liefhet, sal julle my geboeie gehoorsaam”. Ons lees ook dat Hy met die oordeelsdag dié sal wegstuur wat nie die wil van die Vader gedoen het nie, selfs mense wat gepreek en wonders gedoen het! Wat kan tog meer liefdevol wees as om mense van só 'n lot te probeer beskerm?

Groete in Christus

Ons kan nie God se vriend wees en die wêreld s'n nie

Ds Charl van Schalkwyk van Volksrust skryf:

Moderator sê jammer aan ‘broer’ wat sê hy’s verraai (*Kerkbode*, 9 Oktober)? Het die NG Kerkeleiers nie op 'n punt gekom waar hulle die “Holy Christ”-gesindheid verruil het vir die “Hollywood”-gesindheid nie? Populariteit, politieke korrektheid en sosiale aanvaarbaarheid is wat vir die samelewing belangrik is. “Holy Christ”-gesindheid is daar waar jy die grootheid van God besef en Hom met eerbied dien. Die passie vir die verloregeaande siele. Om die nood van die wêreld raak te sien en daadwerklik 'n verskil te

maak. Dit is om 'n ware lojale vriend van God te wees. Ons sal die Skrif moet begin lees om Hom beter te ken en gemeenskap met Hom te geniet. Ons sal moet oppas dat ons nie dink en reageer met die wete dat dit “goed-uitgewerkte teologie” is wat harte warm maak nie.

Is dit nie tyd dat ons gelowiges weer kies tussen liefde vir God (“Holy Christ”) en nie vir die wêreld en sy aanloklike sensasie nie (“Hollywood”)? Is dit nie tyd dat ons weer sal opstaan vir die “Holy Christ” al beteken dit dat die wêreld nie daarvan hou nie?

Is daar nie alreeds een tree te ver gegaan sodat ons Jesus verruil het soos Demas (2 Tim 4:10) wat die teenswoordige wêreld liefgekry het nie. Joel Beeke sê: “Worldliness ... is human nature without God.”

Spurgeon het gesê: “I believe that one reason why the church of God at this present moment has so little influence over the world is because the world has so much influence over the church.”

Moet ons nie weer herbesin of ons nog in die kerk 'n Algemene Sinode nodig het wat meer lyk na “Hollywood” as na “Holy Christ” nie?

Ons kan nie God se vriend wees en die wêreld s'n nie. Ons kerk sal moet kies wie ons gaan dien, “maar ek en my huis, ons sal die Here dien” (Jos 24:15).

Die magstryd in die NG Kerk

Christo Schoeman (VDM) van Marquard skryf:

Meer as 'n jaar is verby ná die 2019 AS-sitting. Meer as vyf jaar sedert die 2015-sitting. Dertien jaar sedert 2007 en 34 jaar sedert die Ope Brief in 1986 ... Wat het verander in die NG Kerk? Niks. Dit is steeds 'n magstryd.

Lidmate – gewone mense wat nooit op 'n kerkraad wil dien nie – sien hoe die mense “daar bo allerhande dinge op ons bly afdwing”. “Wie het hulle baas gemaak?” “Nee wat, ek vat eerder my goed en loop.”

Ja, die hoofrede hiervoor is die alewige gestryery oor selfdegslagverbintenis, Belhar, 'n kerk téén apartheid (wat nog steeds moet jammer sê) en sogenaamde “liefdeloosheid”. Die gewone lidmaat weet nie eens dat daar nie eintlik 'n hiërargie (veronderstel is om te) bestaan in die NG Kerk nie. Hulle kan nie verstaan hoe ons dan nou gereformeerd is, maar dit lyk soos 'n Katolieke regering! Ons “pous” en “biskoppe” het net ander titels ... Dit noop die volgende vrae:

a. Indien daar nie 'n hiërargie bestaan in die vergaderings van die NG Kerk nie,

Kersfees: hoërisikotyd vir vervolgte Christene

Janine Coetzee, direkteur van Three4-Bedieninge en lidmaat van Kraggakamma-gemeente in Port Elizabeth skryf:

Kerstyd het aangebreek en die afgelope paar maande het die versierings in die winkels daartoe bygedra om die gevoel van afwagting in ons hart te laat toeneem. Ja, Kerstyd is vir ons in Suid-Afrika sinoniem met familiekuiers, saamwees en emosies soos vreugde, vrede en geborgenheid.

Een emosie wat ons nie ervaar nie, is dat die geboorteviering van Jesus vir ons as kinders van die Here gevaar inhou. Vir baie Christene wat te midde van vervolging lewe, is dit 'n werklikheid. Die blote feit dat hulle Kersfees vier, stel hulle lewe in die gevaar. Hulle ervaar ook isolasie gedurende die tydperk.

In lande soos Brunei, Somalië, Noord-Korea en Tajikistan is dit vir Christene eenvoudig teen die wet om Kersfees te vier.

In 'n land soos Sirië stel die hang van Kersversierings jou en jou gesin se lewe in die gevaar. Dit maak jou huis letterlik 'n teiken vir ekstremiste. In ander lande in die Midde-Ooste, Suidoos-Asië en Noord-Afrika kan Christene Kersfees vier, solank hulle nie nuwe bekeerlinge is nie. Gelowiges wat vanuit ander godsdienste tot bekering gekom het, staar felle vervolging in die gesig as hulle

deelneem aan enige Kersverrigtinge.

Ten spyte van hoë risiko's skaam vervolgte Christene hulle nie vir die evangelie nie. Hulle sal spesiale tye van gebed in die kerk reël, sonder om 'n Kerstydatmosfera te skep, sodat ekstremiste nie aangehits word om die kerk aan te val nie. 'n Gemeente in Sirië het juis so twee jaar gelede die volgende boodskap van een so 'n groep ontvang: “Ons het 'n spesiale Kersgeskenk vir julle voorberei: drie motorbomme ...”

Hulle klou vas aan Johannes 16:33 (1983-vertaling): “Dit sê ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.” Hulle het 'n ewigheidsvisie en hulle weet dat hulle wonings op aarde net tydelik is. Maar hulle het hoop ... dat die kind wat gebore is ... hulle Verlosser vir hulle gesterf het; die dood oorwin het en weer kom, sodat hulle saam met God kan lewe op die nuwe aarde.

Gedurende hierdie feestyd en verhoogde insidente van vervolging, moet ons broers en susters meer op hulle hoede wees. Staam saam met ons in gebed, dat hulle soos wat duisternis om hulle toesak, steeds sal kan leef as kinders van die lig. Bid dat hulle nie ontmoedig sal word deur die beperkings wat op hulle geplaas word nie, maar dat hulle die vreugde van verlossing in hulle hart sal koester. Bid dat hulle die vrede van God sal ervaar en getroos sal word, deur die feit dat Christene wêreldwyd spesiaal vir hulle in gebed dra.

waarom wil dit voorkom (vir die meeste lidmate) of die Algemene Sinode (en selfs streeksinodes) vanuit 'n magsposisie dikteer aan die res van die kerk, terwyl “die res” nie daarmee saamstem nie? En, nee, die ruimhuis-beginsel maak nie alles beter nie en is nie die antwoord nie.

b. Is die Algemene Sinode werklik 'n ware weerspieëling en verteenwoordiging van die NG Kerk se gemeentes wat op grondvlak verkeer?


c. Indien daar op 'n demokratiese wyse gehandel word in die vergaderings van die kerk, is dit die beste oplossing/voorstel waarop besluite geneem moet word? Veral wanneer dit blyk dat daar nie genoegsame verteenwoordiging van die oorgrote meerderheid is nie?

Reinhold Niebuhr het gesê: “Man’s capacity for justice makes democracy possible; but man’s inclination to injustice makes democracy necessary.” In 'n

normale samelewing is hierdie baie waar. Ongelukkig is die resultaat van demokrasie en enige ander vorm van regering dat geregtigheid nie vir almal kan geld nie – daar is altyd iemand wat benadeel word. Slegs God se geregtigheid is volmaak.

In die NG Kerk heers demokrasie. Viva demokrasie! Viva! Mense word ingestem en mense word voorgestel om sinodes te verteenwoordig – tog besluit die sinodale moderamen uiteindelik (in 'n redelike mate) wie gaan na die AS toe. Vir sommige “normale lidmate” maak dit nie saak nie. Vir ander maak dit baie saak. Is daar regtig 'n magstryd? Daar is dan demokrasie. Dit heers ... Ons moet dit maar net aanvaar ...

Wat het geword van ons gereformeerde beginsels? Die vyf solas? Ek het dan gedink Jesus Christus moet heers in en oor sy kerk. **Brief verkort – Red.**



König ontsluit Psalms se wys- heid vaardig en vir eie tyd

Geloofskatte uit Psalms deur Adrio König

Uitgewer: Christelike Uitgewers-
maatskappy, 2020

Resensent: Rethie van Niekerk

Uit die pen van Adrio König kom hierdie klassieke populêre kommentaar op die Psalms.

Getrou aan die patroon van 'n tradisionele kommentaar, word die Psalms tematies verdeel (eerder as hoofstuk-vir-hoofstuk), met hier en daar vers-vir-vers eksegetiese kommentaar. Die Psalms word verdeel as kultuspsalms, klaagliedere, wraakpsalms, boetsalms en psalms wat met Israel se geskiedenis verband hou. Spesiale aandag word gegee aan Psalm 23. Daar is ook 'n hele hoofstuk oor die psalms in die Nuwe Testament.

Telkens word daar 'n kort indeling gegee, gevolg deur meer uitgebreide eksegetiese kommentaar. Die leser sal dus nie dagstukkies, toepassings of "prekies" vind nie, maar wel interessante insig in die teks en die wêreld van die teks.

Dit is byvoorbeeld treffend om te lees dat die meeste psalms in die Bybel klaagliedere, spesifiek persoonlike klaagliedere, is. Die leser kan dan self toepassings maak. In die bespreking oor die klaagpsalms sê König onder andere: "Dié wat siek is, was ook afgesonder. Siekes was nie toegelaat in die tempel nie. En omdat die hart van hulle godsdiensbeoefening die tempel was, was dit 'n vreeslike afsondering." Inderdaad 'n roerend treffende sin wat roep om toepassing in 2020!

Die gesprek oor die teks gee egter ook aanleiding tot interessante besprekings, soos 'n ekskursie oor die verband tussen sonde en siekte, of bespreking oor of Jerusalem steeds die stad van God is. Ook die paragraaf oor die betekenis van God se almag roep die leser tot dieper nadenke as wat die boek self gee.

Hierdie is 'n stewige, deeglike, waardige werk vir enige leek wat graag 'n dieper studie van die Psalms wil maak. Aangesien die boek nie volgens hoofstuk gerangskik is nie, sou 'n indeks van teksverwysings baie handig gewees het.

► *Ds Rethie van Niekerk is 'n predikant in Port Elizabeth.*

'Tökkies' se stryd om geregtigheid geboekstaaf

Tökkies: Reflections on solidarity deur Eugène Beukes, André Boezak, Nico Botha, Mariëte Frantz en Derrick Marco (redakteurs)

Uitgewer: African Sun Media Uitgewers, 2020

Resensent: Florence de Vries

Apartheidsinstellings soos die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) was onlosmaaklik verbind aan die stryd om bevryding. Studente wat aan die Fakulteit Teologie by dié instelling geswot het, het studente op die kampus gemobiliseer vir deelname aan protesaksie wat in die 1970's en 1980's veral, aan die orde van die dag was.

So skryf dr Llewellyn MacMaster in *Tökkies: Reflections on solidarity*. Hiermee verwoord hy die beduidende rol wat studente by die Fakulteit Teologie (na wie speels verwys word as "tok-

kelokke" of "tökkies") gespeel het in die stryd om bevryding in Suid-Afrika. Dié proses – die tökkies se betrokkenheid by massa-protesaksie en die stryd om geregtigheid – word in die vorm van 'n bloemlesing wat uit gedigte, kortverhale en akademiese artikels deur die teologie-alumni bestaan, vevat. Die universiteit én die fakulteit was 'n plek waar menslike ervarings en spirituele groei gemobiliseer is om verandering te bring deur dae wat solidariteit verteenwoordig. Die transformasieproses in 'n veranderende Suid-Afrika het groot hervormings in die voormalige Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (nou Verenigde Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (VGKSA)) te weeg gebring, insluitend die ondertekening van die Kairos Dokument (1985) en die Belydenis van Belhar (1986).

Tökkies: Reflections on solidarity is die eerste bloemlesing in sy soort. Ná

die sluiting van die Fakulteit Teologie by UWK (en verskuiwing na die Fakulteit Teologie by die Universiteit Stellenbosch) het die alumni, wat almal tussen 1961 en 1999 daar geswot het, die wêreld ingegaan en op hulle unieke manier boodskappe van hoop en troos gebring in gemeenskappe wat met die kompleksiteit van die 21ste eeu worstel.

Die boek word opgedra aan wyle Mary-Anne Plaatjies van Huffel, die eerste vrou wat in die voormalige NG Sendingkerk as predikant georden is.

● *Tökkies: Reflections on solidarity* kos R220 en sal vanaf 10 Desember 2020 beskikbaar wees by LUS Boekwinkel (Bellville, Wes-Kaap). Bestellings kan by lusboek@vgksa.org.za of 021 952 2151 geplaas word.

► *Florence de Vries is 'n kommunikasiespesialis aan die Universiteit Stellenbosch.*

Met soveel geweld, wat beteken versoening?

Reconciliation, forgiveness and violence in Africa

Redakteurs: Marius J Nel, Dion A Forster en Christo H Thesnaar

Uitgewer: African Sun Media, 2020

Resensent: Ghisnene Müller

Laat ek sommer met die intrapslag sê: Hierdie boek lees nie noodwendig maklik nie. Dit is 'n akademiese werk wat vir sommige uitdagend kan wees om te lees.

Tog is ek baie opgewonde oor die boek. In 'n tyd waarin rassenspanning tot op die maksimum gedraai is en geweld aan die orde van die dag is, bied hierdie boek broodnodige perspektiewe en insae rondom versoening en vergifnis.

Dit is die produk van 'n interdisciplinêre gesprek tussen Nuwe-Testamentici, sistematiese en praktiese teoloe van die Universiteit Stellenbosch oor die temas van versoening, vergifnis en geweld. Die gesprek word gevoer vanuit 'n spesi-

fiek Afrika-perspektief. Die skrywers streef daarna om te ontdek wat versoening en vergifnis beteken op 'n vasteland deurdenk van kollektiewe, geïnstitusioneerde en sistemiese geweld.

Een van die gawes van die boek is die wyd uiteenlopende en diverse stemme van die verskillende skrywers, wat ervaring van regoor Afrika saambring. Dit het 'n ryk en uitdagende gesprek rondom geweld, vergifnis en versoening tot gevolg, wat na my mening die kerk kan help om haar belangrike rol in hierdie proses te ontdek en te vestig.

Wilhelm Verwoerd sluit die bundel meesterlik af met 'n baie persoonlike beeld van oop biddende hande met sagte palms teen mekaar wat versoening, vrede en heling simboliseer, teenoor gebalde vuiste wat vrees, mag en geweld simboliseer. Hy moedig die leser aan om te beweeg vanaf 'n onaan-tasbare, verharde en gebalde vuis, na 'n plek van biddende kwesbaarheid. Vol-

gens hom sal dit ons kan help om nie blind of doof te wees vir die pleidooi van die armes en diegene wat polities uitgebuit word nie.

Ek is geraak deur elke skrywer se bydrae. Ek, as 'n wit NG predikant in 'n hoofsaaklik wit Afrikaanse voorstedelike gemeente, besef ook net weereens hoe anders my storie is as dié van baie ander Suid-Afrikaners, soos onder andere Mgcineni Noki, die 30-jarige man wat die Marikana-staking gelei het. Daarom het ek baie waardering vir die uiteenlopende ervaring en deeglik gegronde teologiese perspektiewe rondom versoening, vergifnis en geweld wat hierdie boek bring.

Ek dink dit is een van daardie boeke wat elke predikant maar op haar boek-rak moet hê. Die saak van versoening en vergifnis is immers een waartoe die kerk groep word.

► *Ds Ghisnene Müller is predikant by die NG gemeente Verwoerdpark.*

Lekker boekgeskenk vir Kersseisoen



In *Glo-stories* kry jy twee unieke stemme in een boek. 'n Storieverteller en 'n dominee wat sistematiese teologie doseer.

● **Nadia Marais:** "Ek probeer elke keer in 'n positiewe trant skryf. My bedoeling is om (in elke rubriek) te vra waar die flourishing is."

● **Dana Snyman:** "Ek weet sommige mense in literêre kringe mag hulle oë rol omdat ek deesdae vir *Kerkbode* skryf. Maar ek steur my nie daaraan nie. Ek wil eintlik maar net stories vertel. *Stories* is groter as mense ... Jesus het stories vertel."



bm
Bybel-Media

Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za

Deeloproepe: 0860 26 33 42

E-aankope: www.bybelmedia.org.za



Prys: R140

'n Staaltjie oor 'n misdaad, 'n uitdagende blik op inklusiwiteit en 'n lysie vir besluitneming

Die *Kerkbode*-span wou 2020 met 'n lekker leeservaring afsluit en het lesers genooi om saam met ons te werk. Die konsep? 'n *Kerkbode*-skryfkompetisie. Ons versoek was 'n oorsig van 2020 as annus horribilis (verskriklike jaar), of om te vertel hoe die Bybel 'n mens met besluitneming in die alledaagse lewe kan help. Of jy kon beskryf hoe 'n inklusiewe kerk kan/moet lyk. Tussen daardie lyne kon skrywers inkleur. Die woordperk was 'n bietjie langer as 'n brief maar korter as 'n *feature*. Dit was die lengte van 'n opiniestuk op die middeblaaie van *Kerkbode*.

Die gewildste kategorie was die oorsig van 2020. Sommige deelnemers het glad vir meer as een van hierdie drie kategorieë ingeskryf. Daar was baie sterk inskrywings – nuwe stemme met helder gedagtes asook bekende name met oorspronklike sienings. Ons het reeds van die inskrywings in *Kerkbode* gepubliseer en kondig hiermee die drie kategorieewenners aan.

Ons joernalistieke voorkeur is vir toeganklike teks wat meer lig as hitte bring. MARIUS SCHOOMBIE vertel 'n storie wat 'n mens wil oorvertel. 'n Byna mistieke ontleding van 'n rooftog waar die skrywer daarin slaag om oor te weef tussen anekdote en insig.

FREEK SWANEPOEL praat oor insluiting uit 'n historiese perspektief van uitsluiting. En MARETHA MAARTENS pen 'n nugtere soort "listicle" (hoewel sy dit nie self so noem nie!) wat die lys as geraamte gebruik om vleis aan te pak.

Baie geluk aan die wenner en baie dankie aan elke deelnemer wat vir hierdie uitdaging kans gesien het.

Kerkbode-span



2020: Insigte uit 'n annus horribilis – Marius Schoombie

Onthou dat jy self 'n slaaf was in Egipte

Ontmoet vir Lucky. Lucky is 'n jong pa wat sy werk as kelner by 'n hotel se restaurant as gevolg van Covid-19 verloor het. Lucky het 'n geweer in sy hand.

Ek het vir Lucky ontmoet die Vrydag na die verslapping van die inperkingsregulasies na Vlak 3 aangekondig is. Ek en 'n kollega het besluit om die bietjie meer vryheid wat ons gegun is, te vier deur 'n trial run-roete aan die oewer van die Umgenirivier te gaan draf. Draf is vir my in die eerste plek 'n spirituele oefening – dit is vir my 'n kosbare tyd van refleksie – en na die vorige twee maande se krisis het ek baie gehad om oor na te dink.

Terwyl ek myself met opgewondenheid voorberei om vir die eerste keer weer buite my tuin te gaan draf, is daar een gedagte wat by my bly vassteek: Onthou dat julle slawe was in Egipte. Dit is 'n opdrag wat God herhaaldelik vir Israel in Deuteronomium gee waar die Israëliete op die punt staan om uit die woestyn in die beloofde land in te gaan. Onthou Egipte. Onthou die woese-

tyn. Ek het geweet hierdie jaar sou een wees wat ons vir altyd (moet!) onthou, maar ek het nog nie ten volle besef hoe-kom dit só belangrik is dat ons 2020 nooit moet vergeet nie. Om tot daardie besef te kom, sou ek eers moes gaan draf.

Byna halfpad deur ons roete ontmoet ons vir Lucky waar hy van agter op ons afgehardloop kom. Hy vra ons vir ons selfone (net my kollega het syne saamgedra), ons horlosies, my sonbril en enige iets anders wat hy kon sien. As jy in die loop van 'n geweer staar, het jy nie baie motivering nodig om gehoor te gee aan sulke versoeke nie.

Nadat hy ons byna kaal uitgetrek het om seker te maak ons het niks meer geld of enige ander waardevolle items aan ons nie, moes ons hom mooi vra om nie ons tekkies te vat nie, sodat ons ten minste uit die vallei kan kom. Hy stem toe in en beveel ons om pad te gee. Teen my beterwete, staan ek stil en waag dit om vir hom te vra: "Kan ek vir jou bid?" Lucky lyk onkant gevang. En hy stem in. Ek vra toe sy naam en ek en my

kollega bid vir die man wat besig is om ons te beroof.

Na die gebed begin Lucky met ons gesels en ek beleef een van die vreemdste halfure van my lewe, waar ons luister hoe die man wat ons nou net beroof het, sy lewensverhaal vir ons vertel. Hy vertel ons hoe hy sy werk verloor het, hoe sy gesin nou glad nie meer 'n inkomste verdien nie, hoe hy desperaat en hulpeloos is omdat hy nie weer werk kry nie, hoe hy gebid het voor hy sy geweer vir die eerste keer gebruik het om iemand te beroof, hoe hy ons smeek om hom te help om vir homself en sy gesin 'n beter lewe te probeer skep.

Tydens die gesprek gee Lucky vir ons al ons besittings terug, behalwe die selfoon, wat hy nie kon laat gaan nie – anders het sy gesin nie kos nie. Op die ou einde bid Lucky vir ons ook, nadat hy eers sy geweer neersit en vir ons vra om ons oë toe te maak en self sy oë toemaak.

Die emosies wat gewoonlik gepaard gaan met 'n gewapende roof is emosies soos vrees, woede en haat, maar ek het

geen woede of vrees ervaar nie, ek het jammer, hartseer en hulpeloos gevoel. Ek het besef dat, hoewel 'n groot gedeelte van die land nou vryheid beleef in die verslapping van die inperking, 'n ander groot gedeelte van die land nog gevange gehou word deur hulle omstandighede. Jy moet onthou jy was self 'n slaaf in Egipte. Juis sodat jy met die bewustheid leef dat nie almal jou vryheid beleef nie. Juis sodat jy sensitief is teenoor die vreemdeling, die randfiguur, onderdrukte, die Lucky's, wat nie altyd so lucky is soos jy nie.

Ons het herhaaldelik aangebied om vir Lucky te help, as hy dit in sy hart kon vind om sy vertrouwe in ons te plaas. Maar hoe kon hy? Ek het geweet dat ek nooit weer vir Lucky sou sien nie. Maar ek hoop dat ek die ervaring van die inperking, waar ons vasgevang was in ons eie huis en my ontmoeting met Lucky, nooit sal vergeet nie. Ek hoop dat ek altyd sal onthou dat ek ook 'n slaaf was in Egipte, sodat ek nooit die Lucky's rondom my – en vir Christus – sal vergeet nie.

Hoe lyk 'n inklusiewe kerk? – Freek Swanepoel

Die Here se kerk is na wese inklusief

Die jaar 2020 bring toe groot uitdagings vir die NG Kerk. Die grensdeltyd hou die lidmate buite die eredienste en werksaamhede van die gemeente. Hulle word toe eksklusief. Gelukkig gryp gemeentes die geleentheid aan om hulle dienste meer inklusief te maak. Op Sondag word op elektroniese platforms eredienste gehou. Dit laat lidmate voel dat hulle gemeente hulle op 'n nuwe wyse insluit om die evangelie van Jesus Christus te hoor. Die kerk is by hulle en hulle word betrek in die onnatuurlike tyd. Die boodskap is toe oop vir enige een wat wil kyk en luister.

Getrou aan die lidmate ontstaan daar vinnig ook ander aksies wat lidmate inklusief betrek. Die wêreldwye pandemie bring vinnig die ongelykheid van ons land se mense na vore. In vele huise het die werk opgehou en is daar groot behoefte aan kos en ander lewensmiddele. Gemeentes spring in en maak sop en versprei kospakkië. Op dié wyse word die nood van die wêreld ingetrek in die hart van die gemeente. Daar word beraam dat meer as 70% van die NG Kerk se gemeentes met ywer aan hierdie inklusiewe aksies deelgeneem het en

daarmee volhou. Met dié aksie is daar nie gevra na taal, geslag, ras of geloof nie. Voorheen is daar meer op ons eie mense en gelowiges gekonsentreer; nou was dit oop vir enige een in nood. Dit is mos inklusief.

As ons terugskou na ons verlede was dit juis een van ons swakhede dat ons nie genoeg inklusief in die wêreld opgetree het nie. Ongelukkig het ons ook mense uitgeskakel by die verkondiging van God se Woord. Ons hulpdienste was ook meer gerig op ons eie soort; ons eie mense; en ons eie verstaan van God en geloof. Die kring van 'my naaste' is baie nou en baie gerieflik naby ons getrek. Daarom sal elke kerkraad wat in hierdie dae besin en beplan oor 'kerkwees vandag' baie fyn na die Gees moet luister oor inklusiwiteit. Enige een wat onderskeidend dink sal besef dat die ou patroon van gemeente-wees verby is en dat die uitdaging is om alle mense – nie net dié met sertifikate nie – in gedagte te hou en te bedien. Lidmate wat in hierdie dae bewys geword het dat die Here wel nog sy almag en redding aan die hele mensdom bewys het, sal verstaan dat dit nooit meer in die kerk net om hulle kan gaan nie, maar dat dit om

almaal gaan.

Daar kan seker geredeneer word dat 'n gemeente darem primêr sy eie lidmate moet bedien. Daar is nou geleentheid om die skopus van ons bediening nog meer te verruim. Gelukkig het die minder klem op persoonlike huisbezoek meegebring dat leraars meer beskikbaar is vir alle mense en hulle geestelike behoeftes. Daar het ook in die laaste drie dekades groter inklusiwiteit in ons gemeentes gekom toe die vroue in die ampte toegelaat is. Die groter insluiting van die gelowige vroue word egter steeds gekortwiek deur ongelykheid. So, die kerk worstel om werklik as gemeente van die Here inklusief te wees. Dink maar hoeveel tyd dit geneem het om die kinders volgens hulle bevatlikheid deel te gee aan die Nagmaal.

Jesus Christus het in sy omwandelinge op aarde aan ons so 'n pragtige voorbeeld gestel. By die eerste oogopslag kan dit lyk of hy net na die skape van Israel gekom het of net na die getroues. In die praktyk was Hy anders. Hy was van nature inklusief. Daarom praat hy met die Samaritaanse vrou by die put, en sluit hy die knaende Siro-

Fenesiese vrou nie uit nie. Almal is by Hom welkom en mag deel in sy gawes. Persone wat ander nie raaksien nie roep Hy nader, soos die kinders en vroue en tollenaars en selfs Nikodemus. Tereg sê Jesus dat Hy as Goeie Herder ook 'ander' skape het en dat Hy hulle ook moet lei. By die uitstorting van die Heilige Gees word by die 15 verskillende tale genoem. Almal mag hoor!

Die term "inklusief" het ook betrekking op die besluite wat die kerk neem. Voorheen kon die NG Kerk gerieflik besluite neem sonder om alle lidmate in ag te neem. Die nuwe maatstaf vir ons tyd is om te vra of ons besluite mense wat in Jesus Christus glo, onbillik uitsluit. Juis om inklusief op te tree het gemeentes in die laaste jare geleentheid gekry om ook hulle stem pertinent te laat hoor. Oor die Belhar-belydenis kon gemeentes en sinodes hulle eie besluit neem. Ongelukkig het die "demokratiese" proses tot gevolg gehad dat die kerk eksklusief opgetree het teenoor gelowiges van ons "eie" kerke wat hulle hart vir ons oopgemaak het. Belhar stel 'n uitdaging om inklusief te wees.

Die kerk is net inklusief as sy God se koninkryk laat kom.

Só lei die Bybel my besluitneming in my alledaagse lewe – Maretha Maartens

My Bybel as besluitnemingshandleiding

Êrens op die Hoëveld trek ons van die pad af om 'n toebroodjie te eet. Ons kyk op en sien 'n sangoma se advertensiebord bo ons teen die boomstam: SANGOMA. ALL PROBLEMS ARE WELCOME. SELNOMMER ...

Ons het nie gefrons of gelag nie. Ons hoef immers nie verder as onself te soek om hoe-, wat-, wanneer-, watter-, waarheen-, moet ek- en wat is reg voor God-vrae te vind nie.

Besluiteloosheid in enige lewensdimensie is 'n riskante besluit. Daarby hoef geen gelowige ritse verkeerde besluite in sy/haar daaglikse lewe te neem nie. Een van die mees onderbeklemtoonde waarhede van die geloofswese is duisende jare gelede reeds deur Dawid verwoord: "U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my" (Ps 18:29).

In 'n besluitnemingstyd duik twee vrae op:

1. Is daar hoop dat ek persoonlik in die lig van die Woord besluite sal kan neem wat volgens die wil van God en tot heil van my medemens en my verhouding met God sal wees?

2. Verleen God graag hulp met my besluite in enige dimensie van my lewe?

Sonder duidelikheid hieroor kan

min mense – indien enige – die Bybel as onfeilbare handleiding vir besluitneming in die daaglikse lewe vertrou.

Skrif toe vir die antwoord: Daar is stralende hoop, nie kersvlam-in-die-wind hoop nie.

Paulus skryf: "Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees" (Rom 15:4). Hy skryf ook: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16).

By die skrywer van die brief aan die Hebreërs bestaan daar geen twyfel oor die woord van God as dissekteerskalpel in besluitneming nie: "Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë" (Heb 4:12-13). God weet volgens die Skrif wat

ek in tye van besluitneming nie weet nie.

Petrus, wat so dikwels oorhaastige, impulsiewe dinge aangevang het, weet uiteindelik: "... die boodskap van die profete ... is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte" (2 Pet 1:19).

Maar die finale woord is dié van Christus: "Is die rede waarom julle dwaal, nie juis dat julle nie die Skrif ken nie en ook nie die krag van God nie?" (Mark 12:24). En: "Wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh 14:26).

Op grond van die Skrif kan ons opgewonde verder as die plakkaat teen die boomstam kyk en weet: Ons God gaan ons deur sy Woord help met ons besluite.

VIR SKRIFGEFUNDEERDE BESLUITE KIES EK OM –

1. my vaste sekerheid in die lewende, betrokke God net soos Dawid as vertrekpunt te neem en dit hardop uit te spreek: "My hulp (wanneer ek enige besluit moet neem) kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Ps 121:2);

2. die Ons Vader gebed te bid, met die hoofklem op dié bedes: "Laat u Naam geheilig word, u koninkryk kom en u wil geskied";

3. vir God te sê: "Doen u wil ten opsigte van my werksaansoek, keuring vir 'n kursus, 'n aanbod vir huiskoop ens";

4. te wag sonder om 'n verdere steen te verroer en sy besluit as perfek te aanvaar;

5. my dag met dié Skrifwaarheid te begin: "Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God" (Rom 8:14);

6. te bid: "Heilige Gees, lei my vandag";

7. te glo Hy doen dit, soos wat Jesus be- loof het;

8. so onrustig oor 'n geestelike ongemak in my gees te wees as wat ek gedurende die Covid-19-pandemie oor 'n loopneus, keelseer en asemnood is. Wanneer so 'n geestelike ongemak toeslaan, moet ek die pas markeer en die Bybel raadpleeg. 'n Gratis hulpmiddel vir Skrifstudie is E-sword [<https://www.e-sword.net>];

9. om ná verkeerde besluite terug te keer na my plek aan die Wingerdstok (Joh 15:5);

10. om die dag af te sluit met 'n loflied soos dié: "Ek het U heeldag by my gehad. Omdat U by my is, sal ek nie struikel nie" (na aanleiding van Ps 16:8).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Kerkreg, toeps en pastoraat
interesseer Pretoria-proponente.**



Natasha du Plessis is op 20 Desember 1992 gebore, slaag matriek in 2011 en begin haar studies aan UP. Sy was 'n tutor en het onderskeidelik as ondervoorsitter, tesourier en ontspanningsleier op die studerende leierskapskorpus van die Teologiese Fakulteit gedien. Natasha leer steeds baie en is bereid om enigiets aan te pak. Haar skripsietema was "Church leaders with physical disabilities: A practical theological approach". Dit het gehandel oor mense met gestremdhede wat sonder onregverdigheid en diskriminasie behandel wil word, met ander woorde om behandel te word asof hulle glad nie gestremd is nie. Die tema is deels 'n reaksie op historiese paternalistiese houdings wat gemanifesteer word in en deur pastorale sorg wat op persone met gestremdhede gerig is. Hierdie skripsie het gefokus op hoe ons elkeen leiers moet bemagtig soos predikante of pastore met gestremdhede. As Christen en 'n gestremde persoon was hierdie studiegebied vir haar van groot belang. Die temas van gemak, verwarring en konflik kom dwarsdeur die literatuur oor gestremdheid na vore. En vanuit 'n teologiese perspektief is hooftemas Christelike indentiteit, Bybelse interpretasie en gedeeltes en verhale rakende liggaamlike gestremdheid en 'n geloofslewe en 'n lewe met gestremdheid belangrik. Hierdie studie ondersoek die kwessie van liggaamlike gestremdheid in die konteks van kerke en gemeentes. Die fokus was op beide gemeentede en predikante wat met 'n gestremdheid leef gerig.

- 083 585 2929
- 14184754@tuks.co.za



Morné Jacobs behaal matriek in 2011 aan die Hoërskool Noordheuwel in Krugersdorp. Hy behaal beide sy BTh en MDiv aan die Universiteit van Pretoria. Hy doen sy gemeentjaar en werk reeds ses jaar as jeugwerker by NG Eldoraïne Familiakerk, waar hy veral in ekoteologie en missionale kerke belang stel. Sy skripsietema is dan ook "Ecotheology: A missional perspective". Dit handel oor ons as Christene se verhouding met en verantwoordelijkheid teenoor die skepping en wat gelowiges aan omgewingsongeregtheid moet doen. Hy is getroud met Estée.

- 081 089 6315
- mornejacobs705@gmail.com



Brits Ehns Janse van Rensburg is gebore op 12 November 1992. Hy matrikuleer in 2010 aan die Hoërskool Swartkop in Centurion en behaal sy BTh- en MDiv-grade beide aan die Universiteit van Pretoria. Hy het tussendeur werkies gedoen byvoorbeeld om in 'n videowinkel te werk en het ook as motorwerktuigkundige gehelp. Hy het in hierdie tyd saam met sy gemeente uitreike gedoen in Zambië en Swaziland. Hy was al by verskeie gemeentes betrokke as kategeet, tromspeler vir die kerkorkes, vrywilliger op verskeie vlakke

van gemeenskapsdiens, verskeie selgroepe en Bybelstudiegroepe en meer onlangs as jeugwerker by NG gemeente Aan-die Berg. Hy was wel voorheen ook betrokke by NG Kerke Rooihuiskraal, Wierdapark-Suid, Sesmylspruit, kerksondermure en het sy gemeentjaar by Aan-die-Berg gedoen. Brits is lief vir sendingwerk, veral in die buiteland, sel-, omgee- en Bybelstudiegroepe is nog altyd vir hom 'n passie en kontemplatiewe spiritualiteit is waar hy homself tuisvind. Die titel van sy MDiv-skripsie is "Helse probleem: Die herontdekking van 'n verantwoordbare verstaan van 'n Christelike soteriologie binne 'n postmoderne samelewing".


- 073 008 6732
- britsjvr@hotmail.co.za



Olga Hannah Ludwick, gebore op 13 Junie 1996, het matriek geslaag in 2014 aan die Hoërskool Garsfontein in Pretoria. Sy was tydens haar studies 'n komiteelid vir Huis Teologie, die fakulteit se studerende leierskapskorpus, assistent vir die dosent in Nuwe-Testamentiese Wetenskappe en tutor vir Inleiding tot Godsdienst- en Sendingwetenskappe en Praktiese Teologie. Sy was betrokke by NG Valleisig en NG gemeente Tygerpoort. Sy is opgewonde oor spirituele vorming van gemeentede, om 'n missionale beweging te begelei en net eenvoudig te sien waar die Heilige Gees aan die werk is en hoe sy deel kan wees daarvan. Haar skripsietema, "Joga as sleutel tot 'n mistieke ervaring van God: 'n Bydrae tot Christelike spiritualiteit", gaan oor 'n holistiese benadering tot mens-

wees in verhouding met God. Joga word as 'n metode voorgestel waarin 'n mens tot stilte kan kom en na God kan luister.


- 074 247 2797
- ol.gal.udwick@gmail.com



Nola Malan, gebore op 1 Augustus 1995, het matriek geslaag in 2013 aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria. Buiten haar BTh- en MDiv-grade, behaal sy ook haar BA Hons in Antieke Tale en Kulturstudies (Hebreeus) aan die Universiteit van Pretoria. Aan die begin van haar studies was sy by NG gemeente Moreletapark betrokke waar sy verantwoordelik was vir die studentebediening. Sy was vir die laaste drie jaar van haar studies by NG gemeente Monumentpark betrokke en doen haar gemeentjaar by NG gemeente Durban-Oos en by Suidkusgemeente in Amanzimtoti. Sy stel belang in die kerkorde en hoe om dit meer toeganklik vir mense te maak. Sy is ook opgewonde oor die pad vorentoe en om deel te wees van die toekoms van die NG Kerk. Nola se skripsietema, "n Teologies-etiese interpretasie van die kerkorde van die NG Kerk in 'n sosiaal-juridiese konteks", was 'n studie oor hoe ons vandag omgaan met die kerkorde in die NG Kerk. Die uitdaging van die teologies-etiese interpretasie van die kerkorde binne 'n sosiaal-juridiese konteks. Hierdie studie poog om die belang van die teologies-etiese interpretasie uit te druk en hoe die konteks van die samelewing reeds 'n impak in die kerk maak. Daar is gepoog om aan die hand van vier praktiese voorbeelde te wys hoe die kerk

in die vaarwaters beland. Aan die einde van die studie word dit duidelik dat daar meer van die kerkorde gemaak moet word in die kerk en ook met die Skrifsentraliteit van die kerkorde. Dit sal help om die teologies-etiese benadering meer te gebruik in plaas van die sosiaal-juridiese konteks van die samelewing.


- 084 522 8322
- nolamalan@gmail.com



Elizabeth Petronella (Elané) Sassenberg, gebore op 8 Augustus 1995, slaag matriek in 2013 aan die Hoërskool Montana in Pretoria. Elané het grootgeword in 'n pastorie en is van geboorte af deel van Wonderboomgemeente. Sy was van kleins af betrokke by uitreike na Mosambiek en Madagaskar en het ook talle kampe bygewoon. Elané het toe sy in die hoërskool was, Sondagskool vir juniors begin gee. Die jaar voor haar studies het sy 'n diensjaar gedoen. Die Ritmejaar het haar blootstelling aan verskillende maniere van bediening, kerke en kampe gegee. Tydens haar studies het sy gewerk as klavieronderwyseres by die musiekskool Ovie-Vibz (en sy is steeds betrokke by hulle). Elané was ook deel van die Huiskomitee van Teologie en was in beheer van die sosiale aktiwiteite. In 2017 kry sy keuring om as uitruilstudent vir vier maande na die Universiteit van Tübingen in Duitsland te gaan en het verskeie merietetoekennings en akademiese erekleure ontvang, asook deel geword van *Golden Key* en is gekies vir die *Dean's List*. Sy behaal die grade BTh en MDiv cum laude en het ook haar BA

Hons in Antieke Tale en Kulture in 2019 aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Sy het ook in Musiek die Graad 8 vir Klavier en Teorie voltooi. Elané het as jeugwerker by NG gemeente Overkruin begin, waar sy ook haar gemeentejaar gedoen het. Sy stel belang in persoonlike gesprekke, kampe en uitreike. Haar skripsietema, “An aesthetical hamartiology: A hermeneutical study”, het gegaan oor hoe ’n mens sonde kan verstaan (harmatologie) na aanleiding van al die verskillende gedagtes rondom sonde. Daar is verstaansmoontlikhede van sonde in die Bybel, in verskillende kulture en in verskillende eeue. Wat is sonde en volgens wie is dit sonde? Sy het spesifiek na kunswerke wat sonde uitbeeld gekyk. Die gedagte van die skripsie was om eerstens mense sensitief te maak vir kunswerke in die bediening. Dit vorm soms ongegronde teologie, maar kuns is ook essensieel vir teologie omdat dit soms al is wat mense buite die kerk raaksien. Dit moet gesprekke kan inisieer. Elané is getroud met Divan en kan bereik word by:

- 072 974 1864
- elanetjestyen@gmail.com



Anuschka Smit, gebore op 16 Mei 1996, het in 2014 aan die Hoërskool Monument in Krugersdorp gematrikuleer. In 2018 ontvang sy haar BTh-graad en in 2019 MDiv met lof in Kerkgeskiedenis en Kerkreg by die Universiteit van Pretoria. Tydens haar studies doen sy aupair-werk en werk ook by ’n naskoolsentrum. Sy was bevoorreg om deel te kon wees van die *Woman Leadership Training* by UP en het ook haar diploma daarin ontvang. Anuschka het besef dat elke gemeente uniek is met haar eie storie om te vertel. Sy het ook besef dat die Jesus wat sy ken en die Jesus wat die mense in die gemeentes ken, nie dieselfde Jesus is nie. Gemeentes is wit of swart en sy ervaar dinge grys. Die gaping tussen studies en gemeente is hemelsbreed, maar sy het ook besef dat die

bediening die plek is waarheen sy geroep word. Sy het ’n ongehooflike passie ontwikkel vir die seniorbediening en om tyd saam het hulle deur te bring om Bybelstudie en bidure saam met ouer mense te doen. Sy voel senior lidmate het so baie om vir gemeentes te bied en die meeste van hulle is bitter eenzaam. Sy vind haar passie om as instrument van God by hulle teenwoordig te kan wees. “Versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1994-2010: ’n Historiese terugblik oor 25 jaar” was haar skripsietema. Wanneer veranderinge plaasvind, is daar diegene wat saam met die proses verander, maar ook dié wat daarteen weerstand bied. Hoewel die land se oorgang na ’n nuwe politieke bestel sonder enige geweld of oorlog plaasgevind het, is die wit bevolking steeds in onsekerheid gedompel. Dit is immers algemeen bekend dat verskeie lidmate van die NG Kerk vandag ’n negatiewe houding teenoor die politieke sisteem van Suid-Afrika koester. Regstellende aksie, regeringsuitlatings en dies meer kweek vrees onder die wit bevolking wat steeds grootliks uit NG Kerk-lidmate bestaan, meen sy. Die NG Kerk sal egter nie sonder haar lidmate brûe van versoening in Suid-Afrika kan bou nie. Die vraag wat ontstaan is of dit ooit moontlik is om brûe van versoening te bou wanneer politieke magspel die oorhand het én dadelik hierdie brûe afbreek, en wat is dan juis die punt om te poog om versoening mee te bring?

- 060 816 6975
- anuschkasmit6@gmail.com



Cecil Allan van der Merwe is op 30 November 1990 gebore. Hy matrikuleer in 2009 aan die Hoërskool Oosterland in Secunda. Hy voltooi sy BTh-graad aan die Universiteit van die Vrystaat en sy MDiv aan die Universiteit van Pretoria. Voor hy sy studies voltooi het, het hy gewerk as ’n proseskontroleerder by Sasol Secunda op ’n water- en grond-rehabilitasie-aanleg. Hy was deel van die

#imagine-spanbestuur by Nampopark en dit was vir hom ’n besondere belewenis om deel te wees van die beplanning en om te sien hoe jongmense van verskillende plekke en agtergronde saam God kan aanbid en gemotiveer kan word om hulle rol te speel om ’n verskil te maak in ons land. Hy is die laaste 10 jaar betrokke by verskeie gemeentes se jeugaktiwiteite en werk vir die laaste vyf jaar as jeugwerker. Hy was deel van verskeie jeugkampe, die reëlins en bestuur daarvan, en as deel van sy kerkpligte het hy gereeld digitale media bymekaargesit en geredigeer. Vir hom sal die hulp aan weerlose mense die fokuspunt wees in sy bediening en om armoede in die plaaslike gemeenskap te verlig en hulp aan plaaslike welsynsorganisasies te bied. Vandaar dan ook sy skripsietema: “Missional perspective of ‘Helpende Hand’: ‘Helpende Hand’ as model of community-based mission within the South African context”, waarin hy gefokus het op armoede binne die konteks van Suid-Afrika en hoe ons as gemeentes die model van Helpende Hand kan gebruik om armoede te verlig in ons plaaslike konteks en gemeenskap. Cecil woon in Randburg.

- 082 974 2437
- allan.cavdm@gmail.com




Johannes Hendrik van Deventer, gebore op 7 Mei 1996, slaag matriek in 2014 aan die Hoërskool Florida aan die Wesrand. Vanaf 2015-2016 was hy deel van die Huiskomitee en het gedien as die sekretaris daarvan. In 2020 slaag hy sy MDiv-graad met lof en ontvang akademiese ereklere by die Universiteit van Pretoria. Hannes was vir die eerste drie jaar van sy studies aktief betrokke by sy tuisgemeente, Veranderde Lewens, waar hy betrokke was by die jeugaksies. Daarna was hy betrokke by Silvertonkruingemeente waar hy die sosiale media en jeugaksies bestuur het. Tydens die nasionale inperking het hy in samewerking met ’n oorsese maat-

skappy ’n interaktiewe toep ontwikkel vir die kerk. Die toep verskaf inligting aan gemeentede oor die werksaamhede van die kerk en navrae kan ook gerig word aan die kerk deur middel van die toep. Hy is geboei deur geskiedenis en daarom is dit geen verrassing dat hy Hebreeus geniet nie. Dit is vir hom ’n interessante taal en groeperings soos die mense van Qumran maak hom nuuskierig en daarom sal hy dit graag dieper wil ondersoek. Hannes se skripsietema is “Hospitality in the first-century Mediterranean world: A social convention affirmed”. Dit handel hoofsaaklik oor gasvryheid in die tyd van Jesus en hoe dit deur die loop van tyd byna verdwyn het. Deur middel van die gelykenis van die vriend wat kom kuier in die aand (Lukas 11:5-8), sien ons dat Jesus ons aanmoedig om alle vreemdelinge met gasvryheid te verwelkom.

- 081 393 4905
- dominee75@gmail.com

Diensleraars



Priscilla Botha, gebore op 5 Junie 1956, het in 1973 gematrikuleer aan die Hoër Meisieskool Hugonote op Springs. Sy ontvang die grade BA (Unisa 1992), Teologiese Diploma Pinkster-Protestantse Kerk (1992) en Diploma in Ministry Christian Life Training Institute (2003). Haar vorige werks ondervinding sluit in komiteeklerk en sekretaresse vir die burgemeester (plaaslike bestuur by verskeie stadsrade – Randfontein, Khutsong en Fochville). Sy was 10 jaar voltyds in die bediening as geordende pastoor by die Pinkster-Protestantse Kerk. Priscilla het ook gewerk as menslike hulpbronnekonsultant en werknemersassistent vir professionele lede by ’n mediese fonds en was aangestel as menslike hulpbronnebestuurder by ’n privaat maatskappy. Nadat sy in 2007 lidmaat van die NG Kerk in Carletonville geword het, is sy spoedig deur die kerkraad genader om berading te doen.

Later is sy betrek as aflosprediker wanneer die leraar met verlof of siekverlof was omdat die gemeente nie ander hulp kon bekostig nie. In 2018 was sy op ’n semi-permanente basis in die gemeente betrokke as pastorale versorger, besoeker en begeleier van lidmate asook as prediker. Priscilla is ook die geestelike direkteur van die “Walk to Emmaus”-beweging. Sy doen vanaf 2009 geestelike toesig en begeleiding by beide die mans- en dameskampe wat jaarliks aangebied word. Haar passie is pastoraat en sy vind haar energie in die omgang met lidmate en huisbesoek, berading, siekebesoek en begeleiding.

- 063 045 4722
- ciltjies@gmail.com



Hans Jacob Brits is getroud met Mariëda en hulle het twee seuns, Jans en Juan. Hy het sy skoolloopbaan voltooi by Dr Viljoen Sekondêre Skool in 1976 en ontvang sy BTh en Hons BTh (cum laude). Hy behaal ook sy DTh aan Unisa, HOD en DPhil aan die NWU. Ondertussen was hy ’n onderwyser, deeltydse dosent en direkteur van Vaal Universiteit vir Tegnologie (VUT). Hy het vyf jaar gepreek as aflosleraar en was voorsitter van die kerkraad asook ringsverteenvoerder. Hy stel veral belang in prediking en toerusting. Hans se DTh-tesistema, “Die transformasiekrag van die metafoer in die geloofspraxis met spesiale verwysing na prediking”, was oor die kerk wat in die konteks van noodlydendes weer haar diakonale rol moet nastreef. Dit is ’n ondersoek na die transformasiekrag van die metafoer as integrerende deel van die denk- en taalsisteem van die mens. Die dinamiese krag van die metafoer wat in die nie-toegepaste betekenis van die gebruikte woord lê. Die prediker moet ’n kreatiewe metafoerskepper wees sodat gelowiges geaktiveer kan word om voetewassers te word en die kerk profeties die bevryding van nood aan noodlydendes

kan verkondig. Sy DPhil-tesis-tema was “A model for quality management, planning and resource allocation at South African universities”.

- 083 629 7445
- hansb@vut.ac.za



Isabella (Rayline) Murray Coetzee is gebore op 9 Desember 1967. Sy slaag matriek in 1985 aan die Hoërskool Riebeeck op Randfontein en behaal haar BTh-graad te Huguenote Kollege (Unisa, 1988) en MTh Kliniese Pastoraat (US, 1998). Sy het gedien op die studenteraad en was voorsitter daarvan. Sy het ses jaar voltyds gewerk as jeugwerker in die Paarl, en ses jaar as kinderwerker. Sy stel veral belang in familiebediening, mentorbediening, kinderbediening, leierskap, emosionele intelligensie – spesifiek om mense te help om voluit te leef (volgens Johannes 10:10). Sy is getroud en het ’n 13-jarige dogter.

- 082 924 6401
- raylinecoetzee@gmail.com



Stefan Bernardus Conradie is getroud met Elanze en het gedurende grendeltyd ’n babadogter ryker geword. Stefan is op 28 Junie 1987 gebore en matrikuleer in 2005 aan die Hoërskool Theunissen. Hy het hoofsaaklik sy teologiese opleiding ontvang aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom kampus en ontvang daar die grade BTh, Bybeltale en BTh Hons. Voor hy studeer het, het hy die voorreg gehad om te boer op ’n beesplaas in die Vrystaat. Deur die professionele wyse waarop almal met wie hy by die Universiteit van Pretoria in aanraking gekom het optree het, het hulle hom dadelik laat tuis voel op die kampus.

Stefan is die afgelope drie en ’n half jaar voltyds betrokke in die bediening en tans is hy verbonde aan die NG gemeente Bethlehem-Panorama sowel as die gemeente Witteberg (Bakenpark). Hier het hy blootstelling aan die hele spektrum van die bediening op die platteland ontvang. Die Here het vir hom ’n passie gegee vir pastorale versorging. Stefan beoog om volgende jaar ’n MTh-graad in Pastoraat aan te pak. Sy bedieningsvoorkeure is pastorale versorging, prediking, berading, kontakgeleenthede, huisbesoek en motivering vir alle ouderdomsgroepe. Stefan kan gekontak word by:

- 066 224 3203
- sbconradie@gmail.com



Pieter Devenish is gebore op 19 Februarie 1993 en voltooi sy matriekjaar in 2011 aan die Hoërskool Ben Vorster op Tzaneen. Hy werk daarna as restaurantbestuurder. Tydens Pieter se studies aan die Universiteit van Pretoria dien hy as lid vir sport op die Huiskomitee van Huis Maroela en ontvang die Dekaan se merieteprys waar hy die grade BTh Teologie en BTh Hons Nuwe Testament behaal. Hy was betrokke by the Glen Methodist Church as jeugpastoor, NG Moreletapark as bedieningsbestuurder vir die jeug en is tans geestelike werker by NG Rooihuiskraal. Pieter stel belang in gemeentebou en gemeentebestuur asook lering en Bybelstudies. Sy skripsietema was “Finding meaning in Paul’s rhetoric on identity: A social-scientific analysis on selective Pauline texts through the means of identity formation in identity theory”. Dit fokus op Paulus se Christologie in ’n gemeenskap van geloof waar hy probeer om sy identiteit in ’n dominerende wêreld met kulturele verskille te vind – die destydse wêreld gedomineer deur ’n kultuur van “eer en skande” en karakters wat maklik onderskei kon word gebaseer op status en mag. Hy is getroud met Andène Stephinique en hulle het ’n seun Brüssow. Pieter se kontakbesonder-

hede is:

- 062 883 3086
- pieterdevenishjnr@gmail.com



Carina Maretha (Retha) Kruidenier is gebore op 14 Julie 1970 en matrikuleer aan Potchefstroom Gimnasium in 1988. Sy ontvang die volgende grade: BBibI (Hons) 1994, MPhil (Toegepaste Teologie) 2006, MA (Praktiese Teologie): Pastorale Gesinsterapie 2007 en PhD (Praktiese Teologie): Pastorale Gesinsterapie 2014. Voor haar teologiese studies het sy as bibliotekaresse gewerk by die Universiteit van Pretoria. Sy is werksaam by NG Mootvallei en Hospivisie sedert 2011 en stel belang in pastoraat en hospitaalbediening. Haar skripsietema, “Die stiefma – ou mites en nuwe verhale: ’n Pastorale narratiewe dekonstruksie” handel oor die stiefma wat gestereotipeer word in ons samelewing weens verskeie redes. Nuwe verhale bring ’n ander perspektief en hoop. Carina is getroud met Henk en hulle het drie kinders, Sarita, Talita en Ruben.

- 082 413 8462
- retha@geo-logic.co.za



Alisna Slabbert is gebore op 25 Augustus 1983. Sy behaal haar BA Teologie en Honneurs Teologie (cum laude) aan die Universiteit van Pretoria en haar PGCE (Nagraadse Sertifikaat in Onderwys) aan Unisa. Tydens haar studies het sy as verteenwoordigende studenteraadslid gedien op die Deo Gloria-bestuur. Sy het voor en na haar studies onder andere gewerk as verkoopsdame en later bestuurderes. Nadat sy haar PGCE voltooi het, was sy eers onderwyseres by ’n hoërskool

en later ’n departementshoof by ’n laerskool. Haar gemeentevergelyking doen sy op by NG Nootgedacht as kategeet van die jeug en in prediking. Wat op hierdie stadium haar belangstelling prikkel, is pastoraat en gemeentebou. Haar passie is om ons feestelikheid terug te bring en die gemeenskap van Christene weer te laat funksioneer binne die intieme gemeenskap wat versorgend teenoor mekaar omsien. Sy het ingeskryf vir haar meestersgraad in 2021. Alisna is getroud met Marcelle en hulle het drie kinders, Bianca, Mickayla en Joubert. Alisna kan gekontak word by:

- 076 129 8034 / 067 233 4151
- alisnabloem@gmail.com



Stefan Pieter van Tonder, geboortedatum 11 Februarie 1987, is getroud met Carla en hulle het ’n seun Anroux. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Huguenote op Springs in 2005. Stefan het ’n BA-graad in Teologie en hy het by ’n diensjaar-groep, Pneumatix, sy graad deur die South African Theological Seminary (SATS) voltooi. Hy het by onderskeie gemeentes en onderskeie denominasies sedert 2010 gewerk. Hy was onderskeidelik betrokke by AGS Lewende Waters, NG Benoni-Benjamin en AGS Endeo. Hy is tans betrokke by NG Rynfield in Benoni. Sy belangstellingsveld is prediking en Bybelstudies.

- 071 895 1767
- svantonder11@gmail.com

Na colloquium doctum



Riaan Ingram, gebore op 30 November 1979, is getroud met Janine en het ’n seun Richardt en ’n dogter Keila. Riaan

het in 1997 gematrikuleer aan die Hoërskool Stella. Hy behaal sy grade BTh, MDiv, BA (Hons) in Filosofie en MA in Filosofie aan die Universiteit van Pretoria. Tydens sy studies was hy ondervoorsitter van Huis Deo Gloria en het jeugwerk by Booyens en Jan Niemandpark gedoen. Hy stel belang in diakonaat en kerugma. Riaan se skripsietema was “Hermeneutiek en Jesus-studies”. Dit het gehandel oor die problematiek van die epistemologie, en spesifiek vir navorsing oor Jesus as historiese figuur. Riaan se kontakbesonderhede is:

- 083 878 2650
- riaaningram@outlook.com



Daniël Gerhardus Jordaan is gebore op 27 Oktober 1962. Hy het matriek geslaag in Ladysmith, Natal in 1980 en het ook, buiten sy BTh en MTh aan die Universiteit van die Vrystaat, die BA-Admissie aan UP verwerf. Tydens sy studies het hy studentewerk by Krygkor gedoen. Gedurende sy studies aan UP was hy voorsitter van die Sosiologievereniging en het vir Sonop se eerste rugbyspan gespeel, was op die Admissiebondkomitee en deel van die *Perdeby*-redaksie. By UOVS het hy vir hulle tweedespan rugby gespeel en was op die studenteraad. Hy was 21 jaar leraar van Ellisras-Wes en het uitreike gehad na Angola, was voorsitter van die Ring van Waterberg en dien op sinodale kommissies vir sending en jeug. Hy stel belang in missio Dei en Christelike teologie, veral met betrekking tot die doen/imitering daarvan, daarom dat die jeug hom interesseer. Sy skripsietema was “Teologie en Christelike roeping in 2 Tessalonisense”. Dit het kortliks gehandel oor die raak-verstaan van die teologie en roeping veral met betrekking tot die vreemde figuur van die teëhouer wat die parousie terughou (NT studies). Daniël is getroud met Leanne. Hulle ses kinders is Pierre, Marian, Albert, Mariet, Nicole en Megan. Danie kan gekontak word by:

- 076 808 2663/073 367 3762
- daniel@med-clear.co.za

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT



THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE
UFS·UV

UV se proponente oor
trauma, sosiale media en
toekomsdrome.



Adrie Els is op 9 Junie 1996 op Virginia in die Vrystaat gebore. Sy het aan Hoërskool Hentie Cilliërs in 2014 gematrikuleer en in 2018 die graad BTh aan UV behaal. Adrie voltooi in 2019 haar MDiv-graad met die skripsietitel: “Evangelisasie vir ons tydges met verwysing na sosiale media.” Sy het haar gemeentenaar by NG gemeente Pellissier in Bloemfontein onder die leiding van di Charles James, Rikus Hatting en Francois Lamprecht gedoen. Haar belangstelling in die bediening

kom vanaf haar roeping om te getuig van die hoop wat in haar leef en te fokus op Skrifgetroue prediking. Adrie het ’n passie vir die Here, sy koninkryk en kerk en wil hierdeur spesifiek fokus om mense te inspireer, mobiliseer en te ondersteun. Sy sien daarna uit om veral met jongmense en gesinne te werk en om saam met elkeen deur verskeie lewensfasies te groei.

- 072 414 8465
- elsadrie@gmail.com

Jan Christoffel (JC) Els is op 14 Februarie 1996 te Bloemfontein, Vrystaat, gebore. JC het aan Hoërskool Witteberg in 2014 gematrikuleer. Hy behaal die graad BTh in 2018 en aan die einde van 2019 sy MDiv-graad. Sy skripsie se titel was: “Die Triniteit en perichorese (die onderlinge verband van die Persone van die Drie-eenheid): Praktiese implikasies.” Hy het



sy gemeentenaar by NG gemeente Bainsvlei onder die leiding van ds Cobus Hamman voltooi. Hy is geroep om in die diens van Jesus Christus te staan en wat die belangrikste rede vir sy aanmelding vir die bediening is. Hy is ’n boerseun wat lief is vir die natuur en leef daagliks uit genade en in dankbaarheid vol verwondering vir die handewerk van sy Skepper vir Wie hy baie lief is. JC beskou homself as ’n eerlike en positiewe jongman. Opreghed en hardwerkendheid is vir hom belangrike

waardes. JC beleef sterk empatie teenoor sy medemens in nood en as ’n ekstrovert vind hy sy energie in mense. Dit is vir hom ’n passie om met mense te werk en hy ervaar sy roeping deur aktief in die gemeenskap betrokke te wees.

- 071 531 3235
- jc.els444@gmail.com



Charné Viljoen is op 4 Maart 1995 te Bloemfontein in die Vrystaat gebore. Sy het aan Hoër C&N Meisieskool Oranje in 2013 gematrikuleer. Aan die

UV behaal sy die graad BTh in 2018 en aan die einde van 2019 haar MDiv-graad. Haar skripsie se titel was “Trauma? Verkennende prakties-teologiese perspektiewe vir pastorale betrokkenheid.” Sy het haar gemeentenaar by die NG gemeente Pellissier onder die leiding van di Francois Lamprecht, Charles James en Rikus Hatting voltooi. Haar belangstelling in die bediening gaan alleenlik vanuit die oortuiging dat sy geroep is om in diens van Christus te staan en te getuig van die hoop wat in haar leef. Daar is verskeie aspekte van die bediening wat haar aandag geniet, waaronder die jeugbediening (kinders en tieners) en pastoraat ’n groot liefde is. Sy droom graag oor die toekoms.

- 083 294 6640
- charne.mathewson@gmail.com

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH



Natuur, menswaardigheid en Skrifgetrouheid
is vir dié Maties belangrik.



Jan Coetzer is op 27 Maart 1996 gebore en het in Port Elizabeth grootgeword. Hy matriculeer in 2014 aan die Hoërskool Pearson en begin in 2015 aan die Universiteit Stellenbosch teologie studeer. In 2018 behaal hy die graad BTh. In Desember 2019 behaal hy die graad MDiv cum laude (Ou Testament onder leiding van prof Juliana Claassens). Die ti-

tel van sy minitisis is “Die digotomie tussen Bybelse geweld en troos deur die lens van ‘Kanarie.’” Jan is opgewonde oor die bediening en het tydens sy studiejare twee poste by Stellenbosch Moederkerk gehad: Eerstens was hy die koördineerder vir junior kategeese tussen Januarie 2016 en Desember 2019, wat hom in beheer geplaas het van alles in verband met die graad 1 tot 6 se kategeesebediening. Tweedens was hy in 2019 die tegniese koördineerder, wat hom in beheer geplaas het van al die tegnologiese aspekte by alle kerkgeboue wat Moederkerk besit. Hy doen in 2020 sy gemeentenaar by die NG Durbanville Moeder gemeente waar hy in alle aspekte van die bediening diensbaar

was. Jan doen houtwerk as ’n stokperdjie om die stres van die lewe en bediening op ’n kreatiewe wyse te verwerk. Hy speel ook klavier en het gereeld in verskeie kerke se orkeste gespeel as deel van die aanbidding.

- 071 107 4234
- jancoetzer@live.com



Stefan de Klerk is op 12 September 1994 gebore en het in

Mariental op ’n plaas in Namibië grootgeword. Hy matriculeer in 2013 aan die Hoër Landbouskool Boland in die Paarl waar hy ook hoofseun was. Stefan begin in 2014 aan die Universiteit Stellenbosch teologie studeer. In 2018 behaal hy die graad BDiv. In April 2020 behaal hy die graad MDiv (Nuwe Testament onder leiding van prof Jeremy Punt). Die titel van sy minitisis is: “A man’s got to do ... A rhetorical-critical reading of Romans 1:18-32 in discussion with Pauline and ancient Roman masculinity.” Stefan is iemand wat opgewonde is oor die bediening en kerkwees in uitdagende en vinnig veranderende tye soos 2020. Hy het in 2016 betrokke geraak by ‘The Human Library’ waar hy

sy passie vir pastoraat en verhoudingsbou kan uitleef. Vir Stefan is leierskap belangrik. Hy het in 2015-2016 ook op die Teologiese Studentekomitee gedien. Hy doen in 2020 sy gemeentenaar by NG Bloubergstrand. Inklusiwiteit, eenheid en sorg is vir Stefan baie belangrik en hy ervaar dat die bediening in hierdie verband vir hom energie gee. Verder is Stefan baie lief vir sy motorfiets en stel hy veral in die lees en skryf van gedigte en sportsoorte soos rugby belang.

- 072 976 6915
- stefan.deklerk3@gmail.com

Lionel Hutton is op 15 Maart 1994 te Pretoria gebore. Sy pa, Harold Hutton, was vir lank predikant by die NG Klipkerk



op Lichtenburg, Noordwes. Met sy pa se aftrede in 2000 het hulle na Villiersdorp in die Wes-Kaap verhuis. Hier het Lionel grootgeword en laerskool in 2007 voltooi. Hy het in 2012 aan Hoërskool Stellenbosch gematrikuleer en in 2013 aan die Universiteit Stellenbosch BA Sielkunde begin studeer. Hy het egter in 2015 'n roeping ervaar en van studierigting verander na BDiv. Hy het sy MDiv-graad in 2019 cum laude verwerf (Sistematie Teologie) en beplan om deelyds in 2021 'n MTh aan te pak. Lionel het deur sy studenteloopbaan in terme van leierskap uitgestyg. Hy was sedert die einde van sy tweedejaar op Pieke manskoshuis se Huis-komitee en is in 2016 tot primarius verkies. Verder het Lionel op verskeie rade en komitees van die Universiteit Stellenbosch gedien, naamlik die Primkomitee en Matie Gemeenskapsdiens. Hy was vanaf sy eerstejaar betrokke by Moederkerk/Kruiskerk en het in 2014 die Lesotho Hoopprojek (uitreik) geloods. Hy het as Moederkerk/Kruiskerk se aksiesvoorsitter gedien, sowel as deel van die studentedagbestuur van Kruiskerk gevorm. Lionel is sedert 2014 deel van Moederkerk/Kruiskerk se kerkraad. Hy is in 2020, tesame met die voltooiing van sy gemeentejaar, as tienerleerling aangestel. Deurlopend het hy ook as koster vir Kruiskerk gewerk. Lionel en Nicola, 'n ouditeursklerk by Deloitte in Kaapstad, is in 2018 getroud. Diensbaarheid, versorging en toerusting vanuit 'n verhouding met Christus is vir Lionel die kern van sy bediening aan ander. Hy het 'n leerbare siel, 'n pligsgetroue werksetiek en 'n lus vir die lewe.

- 083 440 2928
- lionel@moederkerk.co.za

Michelle Wilma Jacobs-Smith is getroud en het twee kinders. Sy matrikuleer in 1990 aan die Hoërskool Bellville-Suid en in 1991-1992 doen sy diensopleiding by Tygerberg Hospitaal. Sy doen in 1993-1996 haar Diploma in Teologie by die Uni-



versiteit van die Wes-Kaap en voltooi in 2003 'n MA in Ou Nabye-Oosterse Kulture aan die US. Sy ontvang in 2005 'n Sertifikaat NQF-Vlak 5 in Professionele Ontvangs. In 2020 voltooi sy haar MDiv-graad ook aan die US. In haar werksjare het sy as verpleegster, algemene praktisyn-bestuurder en ontvangsdame by Radio Tygerberg gewerk en werk tans as geestelike werker by die Goodwood Korrektiewe Sentrum.

- 082 815 4644
- michelle.jacobssmith@gmail.com



Karlíe Liebenberg is op 5 Mei 1995 in die Paarl gebore. Sy matrikuleer in 2013 aan Hoërskool Charlie Hofmeyr op Ceres en begin in 2014 aan die Universiteit Stellenbosch studeer. Sy het met 'n BTh in Jeugwerk begin en skakel in haar derdejaar na die BDiv-graad oor wat sy in 2018 ontvang het. In 2020 behaal sy haar MDiv-graad (cum laude) met die skripsieonderwerp: "Van barmhartigheid na ontwikkeling: Vaardigheidintervensie van gemeentelíers in die konteks van die NG Kerk". In 2020 doen sy haar gemeentejaar by NG gemeente Franschhoek met ds Peet Bester as haar mentor. Karlíe is passievol oor pastoraat, prediking en gemeenskapsontwikkeling. Menswaardigheid van alle mense is vir haar belangrik. Karlíe hou van goeie koffie, kreatiwiteit en die plaaslewe.

- 082 676 8995
- karlieliebenberg@gmail.com

Jacobus Adriaan Maass is op 24 Junie 1995 gebore en het op Pofadder in die Boesmanland en Nieuwoudtville in die Bokkeveld grootgeword. Hy matri-



kuleer in 2014 aan Hoërskool Protea te Nieuwoudtville en begin in 2015 aan die Universiteit Stellenbosch teologie studeer. In 2018 behaal hy die graad BDiv. In Desember 2019 behaal hy die graad MDiv cum laude (Ou Testament met fokus op binne-Bybelse interpretasie). Die titel van sy MDiv-skripsie is: "Herinterpretasie binne die Bybel met betrekking tot Esegíel 44 en Numeri 16 – 18: 'n Eksegetiese en hermeneutiese studie". In 2020 begin hy sy gemeentejaar by NG Kerk Swartland te Malmesbury (deelyds leraarsverantwoordelike: insluitend prediking, jeugbediening, seniorbediening, belydenisklasbegeleiding, pastorale berading, Bybelstudie, kleingroepbegeleiding en barmhartigheidswerk), waar hy steeds betrokke is. Pastoraat, gemeentebetrokkenheid en Skrifgetroue bediening van die Woord lê hom na aan die hart. Dit is sy passie om 'n goeie herder vir sy gemeente te wees. Verder stel hy belang in kampeer, staptogte in die natuur, jag en veldry. Jacobus is met Jana Maass, 'n onderwyseres, in 2019 getroud.

- 083 385 2112
- jacobusmaass@gmail.com



Gerhard Meyer is op 16 Maart 1993 gebore en het op Caledon, Wes-Kaap, grootgeword. Hy matrikuleer in 2011 aan die Hoërskool Overberg en begin in 2014 aan die Universiteit Stellenbosch teologie studeer. In 2018 behaal hy die graad BDiv. In Desember 2018 behaal hy die graad MDiv cum laude (Kerkgeskiedenis) onder leiding van prof Retief Müller. Die titel van sy minitiesis is: "White man in Mamelodi: Afrikaner nationalism and reli-

gion as seen in the life of Nico Smith". Gedurende sy studiejare het Gerhard 'n aantal kere op die Teologiese Studentekomitee (TSK) gedien, in die portefeuljes van spiritualiteit en voorsitter onderskeidelik. In 2019 werk hy as jeugwerker te NG Moedergemeente Kraaifontein en voltooi in 2020 sy gemeentejaar by Kopanong (Bloemfontein Studentekerk), waar hy volledig in alle aspekte van die bediening diensbaar was. Deernis, empatie en liefde vir die weerlose en verlate is vir Gerhard baie belangrik en dit vorm die kerndeel van sy roeping en bediening. In sy vrye tyd geniet Gerhard dit om by kulture anders as syne te leer en mense te leer ken, om te lees, te skryf en te stap.

- 078 107 7154
- petrusgerhardm@gmail.com



Philippus Johannes Lodewyk (Philip) Olivier is op 5 Oktober 1979 in Pretoria gebore. Hy het in 1998 op Aliwal-Noord in die Oos-Kaap gematrikuleer, waar hy ook sy eerste werk as Wimpyrestaurantgroepbestuurder ingeneem het. Gedurende 2002 verhuis Philip terug na Pretoria en begin werk by Safari tuin- en funksiesentrum in die ooste van Pretoria as spysenier, funksiekoördineerder en kombuisbestuurder. Hy begin met sy teologiese studies by die Afrikaanse Protestantse Akademie in 2004 terwyl hy deelyds werk en voltooi die studiejare in 2011 na 'n twee jaar breuk tussen die BA en BTh-grade. In die breuk werk hy in Oos-Londen vir True Group/Real People op verskeie projekte en gebou-oudhoud. In 2008 keer Philip terug om sy studie te voltooi. In 2011 voltooi hy sy BTh-graad met die skripsietema: "Die voorgeskiedenis van die Nuwe Calvinisme en 'n dogmatiese beoordeling van hierdie kontemporêre denke" onder leiding van prof R Maré. In 2012 word hy as leraar van die Afrikaanse Protestantse Kerk Groblersdal beroep en bedien hierdie gemeente tot 2014. Gedurende 2018 skryf Philip in by Universiteit Stellenbosch om sy MDiv-graad te doen en vol-

tooi die studie in 2019 onder leiding van prof Christo Thesnaar. In 2020 begin Philip sy gemeentejaar en voltooi die Nagraadse Diploma in Teologie. Hy het sy prakties in NG gemeente Clanwilliam gedoen waar hy in alle aspekte van die bediening diensbaar was. Gedurende hierdie tydperk leer ken hy mense, die binnewerking van verskillende areas van gemeentebediening, ervaar daaglikse geestelike groei en ontwikkel 'n beter verstaan van noodsituasies as gevolg van die Covid-19-pandemie. Hy is 'n passievolle mens wat sy medegelowige en ongelowige broers en susters lief het.

- 076 668 0126
- polivier04@gmail.com



Tiaan Pretorius is op 11 Mei 1992 gebore en het op Porterville grootgeword. Hy matrikuleer in 2010 aan Hoërskool Porterville. Hy begin in 2011 aan die Universiteit Stellenbosch jeugwerk studeer. In 2013 behaal hy die graad BTS. Leierskap maak hom opgewonde en hy dien in 2014 op Eendrag, 'n manskoshuis aan die US, se huiskomitee. Hy beklee die portefeuljes kultuur, erfenis en gemeenskap. In 2015 behaal hy 'n Nagraadse Onderwysertifikaat en spesialiseer in die vakke: Lewensoriëntering, Geografie en Religieuse studies. In 2016 dien hy as jeugwerker op die kerkraad van NG gemeente Nelspruit-Suid. In 2017 behaal hy die Nagraadse Diploma in Teologie saam met Grieks en Hebreeus 1 en 2 in 2018. In 2019 behaal hy die graad MDiv. Die titel van sy minitiesis was: "Pastorale versorging aan volwasse individue met ADHD: 'n Prakties-teologiese ondersoek" onder leiding van prof Christo Thesnaar. Hy doen in 2020 sy gemeentejaar by NG gemeente Paarl-Vallei waar hy aan al die aspekte van die bediening blootstelling gekry het. Die jeugbediening, lering, prediking en pastoraat is waarin hy belangstel as deel van sy roeping.

- 072 547 8589
- tiaanpre11@gmail.com

VERSTAAN die Bybel

Kinders kry is nie kinderspeletjies nie

FANIE CRONJÉ

In 'n boek van Kristine Henriksen Garroway met die titel *Growing up in Ancient Israel: Children in material culture and Biblical texts* maak die outeur 'n terloopse opmerking oor Genesis 3:16. Vertalings interpreteer dit byna sonder uitsondering as sou moeite en pyn met swangerskap en geboorte die gevolg wees van Eva se ongehoorsaamheid aan God en die eet van die vrug. Die 1983- Afrikaanse vertaling kan as voorbeeld dien. Dit vertaal Genesis 3:16 as volg: "Vir die vrou het die Here God gesê: 'Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers.'"

Garroway argumenteer, onder meer op grond van Carol Meyers se navorsing, dat die meerderheid vertalings nie reg laat geskied aan die Hebraëuse teks nie. Indien ons Genesis 3:16 letterlik vertaal, staan daar: "Aan die vrou het hy gesê: 'Vermenigvuldig, ek maak baie jou fisieke en geestelike moeite en jou swangerskap; met swaarkry sal jy kry seuns (kinders) en na jou man sal jou begeerte/verlange wees en hy sal heers oor jou.'" Met ander woorde vrou se fisieke en geestelike moeite én swangerskappe is beide baie.

Volgens die twee Ou-Testamentici se interpretasie van Genesis 3:16 en die direkte vertaling daarvan hier bo, lyk dit nie of ons die afleiding kan maak dat dié

vers die gevalle staat van die vrou, of haar straf aandui nie. Dit beskryf eerder die werklikheid waarmee vroue gedurende die Ystertydperk in Israel gekonfronteer is. Bo en behalwe die pyn met swangerskap en geboorte, is ouerskap beide fisiek en geestelik uitputtend. Dat dit in die besonder op vroue van toepassing is, is te verklaar uit die feit dat dit vroue is wat swanger raak, geboorte skenk en in die destydse wêreld tot en met ongeveer twaalfjarige ouderdom van die kind, verantwoordelik was om kinders groot te maak en aan hulle die lewenskuns (wysheid) te leer.

Dié interpretasie brei uit op die werk van daardie navorsers wat daarop wys dat Genesis 3 sterk etiologiese trekke

het (etiologie is die wetenskap van oorsaak). Dit wil onder meer die werklikheid soos dit is, belig. Vandag nog word ouers gekonfronteer met die uitdagende werklikheid van kinders kry en kinders groot maak. Swangerskap is vandag nog beide vreugdevol en moeitevol. Eweneens is kinders sonder twyfel 'n onbeskryflike vreugde, maar om kinders te hê en om kinders groot te maak is dikwels beide fisiek en geestelik uitputtend.

Mag die Here ons en ons kinders seën terwyl ons aan die einde van hierdie uiters uitdagende jaar die feestyd binnegaan.

► Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.

TERUG NA DIE TOEKOMS

Skryf 29 November 2020 in hoofletters

JOHAN VAN DER MERWE

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stel op 29 November die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans bekend. Te midde van die chaos wat die Covid-19-pandemie in 2020 in Suid-Afrika veroorsaak het, is dit teen die einde van hierdie anderste jaar miskien simbolies van die lig wat in die duisternis inbreek.

In die geskiedenis van die NG Kerk het daar drie amptelike vertalings van die Bybel verskyn. Die eerste besending van 10 000 Bybels in Afrikaans het op 29 Mei 1933 met die skip die *Carnarvon Castle* uit Brittanje in Kaapstad aangekom. Dit is op 27 Augustus 1933 deur die drie Afrikaanse kerke in Bloemfontein by 'n seremonie in die ou Gedenksaal in gebruik geneem terwyl gemeentes landswyd oor die koms van die Bybel in Afrikaans feesgevier het. Die gebeure is gevolg deur 'n *Hersiene Bybelvertaling* in 1953 en die *Nuwe Vertaling* wat vyftig jaar na die oorspronklike vertaling in 1983 verskyn het. Prof Pieter Verhoef het die belangrikheid van die 1983-vertaling soos volg beskryf: "Die doelstelling van die vertalers was om die boodskap van die grondteks in idiomatiese Afrikaans weer te gee. Alle Afrikaanssprekendes, hier of in die buiteland, moes in staat wees om die groot dade van God in Christus deur die Heilige Gees in hulle eie taal te lees en te hoor."

Die eerste tree op pad na die jongste 2020-vertaling is reeds in 1997 gegee toe 'n versoek vir 'n sogenaamde konkordante vertaling voor die Kerklike Advieskomitee: die Bybel in Afrikaans, gedien het. Na intensiewe navorsing is die Bybelgenootskap op 25 Oktober 2004 versoek om met so 'n nuwe vertaling voort te gaan. Die versoek is op 17 Februarie 2005 goedgekeur waarna die werk in 2006 begin het. Die vertaling is 13 jaar later op 1 Julie 2019 aan die Bybelgenootskap oorhandig met die oog op publikasie in 2020 min wetende wat in 2020 sou gebeur.

Min of meer twee weke gelede het ek die 2020-vertaling vir die eerste keer in

my hande gehou. Skielik het ek meer verstaan van hoe Keurvors Frederik 500 jaar gelede moes voel toe hy met bewende hande die Bybel in Duits van Martin Luther ontvang het. Vir 'n oomblik kon ek vergeet van die masker op my gesig, die handreiniger aan my hande, sosiale afstand, korrupsie, armoede en plaasmoorde. Het ek my verbeel of het my hande ook effens gebewe toe ek die nuwe Bybel vir die eerste keer oopmaak?

Miskien is dit waarom die geskiedenis van die NG Kerk 29 November 2020 in hoofletters sal skryf.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

GESTUUR

LOURENS BOSMAN

By 'n onlangse gesprek met leiers vanuit verskillende sinodes* het daar 'n belangrike perspektief gekom oor hierdie tyd met sy uitdagings. Dit mag dalk vir jou ook so wees.

Die gesprek was met verteenwoordigers uit die streeksinodes van die NG Kerk. Dit het gegaan oor die kerk as gestuurde in ons streke en dorpe. Die verteenwoordigers het vertel dat daar op plekke in die land baie min aptyt is vir 'n gesprek oor missionaliteit. Daar is groter brandende sake wat ons aandag vra:

- Gemeentes se finansiële oorlewing na die inperkings.
- Die konflik in gemeentes en sinodes oor selfdegsagverhoudings.
- Plaasaanvalle en die veiligheid van die gemeenskap.

Godsvrae oor Suid-Afrika en oor jou lewe

Hierdie is baie groot sake en die kerk sal dwaas wees om te maak of dit nie bestaan nie. 'n Kop-in-die-sand houding help niemand nie. Die moeilikheid kom egter wanneer oorlewing, konflik, aggressie en selfverdediging ons denke en gesprekke oorneem. Die negatiwiteit vertroebel later jou hele lewe en verlam gemeentes en gelowiges.

In die gesprek met die sinodale leiers het daar egter ook 'n ander perspektief na vore gekom. Sommiges het vertel van geleenthede waar verdere vrae hulle uit die negatiwiteit laat loskom het. Natuurlik moet ons praat oor die groot en moeilike sake. Maar dan moet ons ook vra: "Wat is ons roeping te midde van al hierdie dinge? Hoe kan ons kerk wees in 'n omgewing wat lyk soos dit lyk?"

Sulke vrae help ons om oor God se agenda te dink. Wie is God? Wie is ek? Waarvoor roep God my? Waarvoor is die kerk hier?

Hierdie is wat ons *Godsvrae* noem. Dit vermy nie die moeilike en negatiewe kwessies in die land of in jou nabye omgewing nie. Dit stuur ons egter om na te dink oor ons roeping te midde van negatiewe sake. Dit help gelowiges om ons kop op te tel en verder te kyk.

Dit is wat in dorpe soos Coligny en Senekal gebeur het na die intense konflik op die dorp. Gelowiges het begin praat oor hulle roeping in die gemeenskap en dit help die dorp om uit die negatiewe spiraal van konflik los te kom.

Dieselfde gebeur met individue. Dit

is maklik om in hierdie tyd in donker gedagtes vas te val. Daar is genoeg redes vir negatiwiteit. God roep ons egter om binne ons realiteite te vra oor ons roeping, hier en nou: "Wie is God en waarvoor roep Hy my?" As jy dit doen, lig dit jou gedagtes en jou dade uit donkerte en negatiwiteit. Waar ons in pas kom met God, kom daar lig en lewe.

*Die forum waar ons hierdie gesprek gehad het, was by die IN PAS-leergemeenskap. Dit is 'n plek waar ons praat oor hoe roepingsgetroue gemeentes in pas kom met die lewende God. Gemeentes is welkom om aan te sluit. Registreer by <https://www.inpas.co.za/>

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

NG KERK LOUWNA

VAKATURE: LERAARSPOS

Jaarlikse kontrakpos beskikbaar vanaf 1 Januarie 2021

Gemeenteprofiel:

Louwna is 'n klein plattelandse gemeente (70 jaar oud), 70 km noordwes van Vryburg wat sorteer onder die Sinode van Noord-Kaap. Die gemeentesamestelling bestaan uit 88 belydende en 20 dooplidmate. Die meeste lidmate is in die landbousektor betrokke en is versprei oor die hele ouderdomspektrum.

Die suksesvolle kandidaat:

- ❖ Moet begrip hê vir die uitdagings van 'n klein plattelandse gemeente, waar die nodige hulpbronne nie altyd beskikbaar is nie.
- ❖ Oor die bedieningsvaardighede beskik om met alle ouderdomsgroepe te kan werk.
- ❖ Energieke motiveerder wees.
- ❖ Goeie leierskap en spanwerker sal tot u voordeel strek.
- ❖ Plaas- en huisbesoeke is 'n prioriteit.
- ❖ Vergoedingspakket – maandelikse pakket en ure sal onderhandel word soos die Kerkorde dit bepaal.
- ❖ Pastorie met gratis krag en water word voorsien.
- ❖ 'n Bakkie met dieselkaart word voorsien om reisverpligtinge na te kom.
- ❖ Stuur CV met minstens twee referente aan die skriba.
- ❖ Kandidate wat die kortlys haal moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud asook 'n proefpreek.
- ❖ Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Sluitingsdatum: 31 Desember 2020.

Skriba: Wilma Joubert: ngklouwna@lantic.net (076 915 2021).
Hoofouderling: DB de Bruin: bellevue@wam.co.za (082 864 2324).



NG Kerk Lorraine

VAKATURE: LERAARSPOS

Gemeenteprofiel:

Lorraine-gemeente streef daarna om liefde te leef tot eer van God. Die bedieningsfokus van die gemeente lê by dissipelskap en geestelike groei van alle lidmate, verhoudings bou tot 'n gesonde gemeenskap, sowel as 'n diep bewustheid dat ons geseën word om ander te seën.

Lorraine-gemeente is geleë in 'n vooruitstrewende en groeiende woonbuurt van Port Elizabeth. Die gemeente bestaan uit 1 996 belydende en 673 dooplidmate. Die gemeente word deur drie voltydse leraars bedien, waarvan een aan die einde van Januarie 2021 die gemeente verlaat.

Leraarsprofiel:

Enige gelegitimeerde leraar of proponent van die NG Kerk wat aan die volgende vereistes voldoen, word uitgenooi om biddend aansoek te doen:

- Passievolle en lewende verhouding met God.
- Bediening van die totale gemeente soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, met fokus op die volgende:
 - Dinamiese en vernuweende prediking, met die gawe van lering, wat die Woord Skrifgetrou verkondig.
 - Passievol oor gesinsbediening;
 - Pastorale en herderlike versorging van lidmate;
 - Goeie een tot een verhoudings met gemeentelidmate kan bou.
- Iemand wat ingestel is op gesonde menseverhoudings en graag in 'n span werk.
- Bereid om in samewerking met medeleraars en kerkraad, die gemeente tot eenheid te bind en lei.
- Gemaklik in die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun en bevorder.

Vergoeding:

'n Vergoedingspakket volgens sinodale riglyne sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Huisvesting – subsidie soos met die kerkraad onderhandel.

Aansoeke:

Aansoeke moet die volgende insluit:
'n Volledige CV en dekbrief ter motivering waarom u geroepe voel om hierdie taak op te neem.

Stuur aansoeke asseblief per e-pos: ngkerk.lorraine@gmail.com
Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

Sluitingsdatum: 20 Desember 2020.

Diensaanvaarding: Februarie 2021.

Navrae:

Hannalize Loubser (Skriba)	–	041 367 2284
Ds Gerhard Loubser	–	083 656 3377
Ds Barbara-Mari Jacobs	–	084 900 6816

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida
Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

OOS-KAAPLAND

BEVESTIGING

Ds Luané McLachlan is op 8 November 2020 in die Aberdeen gemeente deur ds Abé Beyers as leraar bevestig. (Renée Swane-poel, Skriba, 12.11.2020).

KWAZULU-NATAL

BEVESTIGING

Ds Annatjie Steyn het die beroeping na NGK Pietermaritzburg-Noord aanvaar. Sy is op 8 November 2020 in die gemeente bevestig. (Elizma Roselt, Saak-gelastigde, 02.11.2020).

VRYSTAAT

BEVESTIGING

Dr PJ van Jaarsveld het sy Akte van Emeritaat ontvang tydens 'n ringsitting te Viljoenskroon op 5 Oktober 2020. Dit is aan

hom oorhandig deur dr Hannes Els, voorsitter van die Ring van Valsrivier. NG Bothaville het hom aangestel in 'n kontrakpos vir nog 'n verdere jaar. (Dr Suzanne van der Merwe, Ringskriba, 05.11.2020).

NOORDELIKE SINODE

EMERITAAT

Ds Christo Jansen van Vuuren van die NG gemeente Sesmyspruit emeriteer op 31 Desember 2020 na die toepassing van Kerkorde (2019) artikel 12.7.3. 'n Akte van Demissie met Emeritaat is op Sondag 8 November 2020, met inwerkingtrekking op 31 Desember 2020, tydens 'n erediens aan hom oorhandig. (Ds DB de Vos, Skriba: Ring van Sesmyspruit, 17.11.2020).

NG Gemeente Sonstraal

MUSIEKBEGELEIER ADVERTENSIE VIR 2021
MET BIDDENDE AFWAGTING IS ONS GEMEENTE OP SOEK NA 'N MUSIKANT
WAT GEROEP IS OM DIE HERE MET SY/HAAR GAWES TE DIEN.

As 'n vernuweende voorstedelike gemeente loof ons die Here met 'n kombinasie van Flam-, Vonkk-, verwerkte Liedboek- en ander liedere. Ons benodig tans iemand om leiding te neem en ons musiekgroep verder uit te bou.

Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende vereistes beskik:

1. 'n Grondige kennis van klassieke en kontemporêre begeleiding en aanbidding.
2. Die vermoë om self te kan begelei en sing en so die gemeente musikaal in aanbidding te lei.
3. Grondige kennis van musiekverwerking, transponering en die skryf van parte en akkoorde.
4. Basiese bladleesvaardighede ('n kwalifikasie word aanbeveel, maar word nie vereis nie).
5. Goeie interpersoonlike en leierskapvaardighede, asook die vermoë om kritiek te hanteer.
6. Koördinerings- en administrasievaardighede.

Van jou sal die volgende verwag word:

1. Die lei van aanbidding in ons ontspanne intergenerasionele erediens op Sondae.
2. Weeklikse musiekgroepoefening, afrigting en voorbereiding.
3. Kreatiwiteit en fyn aanvoeling vir erediens tydens ons weeklikse erediensbeplanning.
4. Die beplanning, koördinerings en uitvoering van jaarlikse geleenthede (Lydenstyd, Pinkster, Kersangdiens) in samewerking met die leraars.
5. Musiekbedieningsadministrasie.
6. Die selekteer, bou, bestuur en afrig van ons musiekgroep.
7. Die neem van medeverantwoordelikheid van klanktoerusting in samewerking met die klankspan.

Vergoeding: Op aanvraag beskikbaar.

Sluitingsdatum: 15 Januarie 2021.

Aanvangsdatum: So gou as moontlik vanaf 1 Februarie, maar nie later nie as 1 Mei 2021
Rig CV aan die Kerkraad, NG Gemeente Sonstraal,

E-pos navrae: felicity@sonstraal.org.za

Skakel die kerkkantoor by 021 976 1236

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgteenheid vir 4. Veilige parkering. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693**. hanlidevilliers@webmail.co.za

JOHANNESBURG: Verhuur jou huis in die Kaap en kom geniet Linden se sjampanjeweer, 3 slaapkamers, 2 badkamers, onderdakparkering, DSTV. Charlotte – 082 406 2521, gawieg2@gmail.com

TE KOOP

DANABAAL: Troshuis te koop. Ideale belegging vir 'n groot familie of paar vriende. Huis bestaan uit vier volledig toegeruste 1 slaapkamer woonstelle wat ingerig is vir 4-5 persone. Oppervlakte per woonstel is ± 62 vk. Totale oppervlakte van huis is 411 vk. Prys: R3 500 000 (ona). Kontak Lienkie Els 082 857 5016.

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

JEFFREYSBAAL: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

MARGATE/MANABAstrand: Ithaca-woonstelle – stapafstand van Lucien- en Margate-strande. Oopplan woonstel – slaap 4 (2 volw en 2 kinders). Swembad, speelarea, braai- en ontspanningsgeriewe. Stapafstand van Manaba-spar. Inligting en foto's: Ester 073 268 0336.

**REEBOK/TERGNIET
(MOSELBAAI)**

2 slaapkamerwoonstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwarsdeur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

ST LUCIA: Bly twee dae in ruil vir R750 pd en kry 'n derde dag gratis. Ten volle toegeruste selfsorg meent-huis met DSTV en WiFi in veiligheidskompleks. 3 slaapkamers, slaap 6, 2 badkamers. Jammer geen troeteldiere. Aanbod geld tot 1 November 2020. 035 590 1098, wetlands@iafrica.com

STRAND: Ruim selfsorg "bachelors"-woonstel. Oopplan 2 of 3 persone. 10 min se stap van die see. Skakel Frikkie by 082 462 0738 of e-pos vanzylfrikkie3@gmail.com

UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

**Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath:
Sel: 072 357 8914.
E-pos: woes@mweb.co.za**

NG KERK OHRIGSTAD**Vakature: Vastetermyn-leraarspos (kontrakpos) twee jaar****GEMEENTEPROFIEL:**

Ohrigstad is 'n plattelandse dorp in Limpopo wat geleë is in 'n vallei wat meestal besproei word. Die dorp is geleë langs die R36, 45 km vanaf Lydenburg en 90 km vanaf Hoedspruit. Die gemeente het 208 belydende en 73 dooplidmate, met 'n aantal bejaardes. Daar is twee dorpswyke en ses plaaswyke. Die boerderygemeenskap vorm 'n groot deel van die struktuur en funksionering van die gemeenskap.

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE:

- Ohrigstad-gemeente het 'n leraar nodig wat, behalwe die pligte soos vervat in Art 9, lief is vir mense, wat begrip toon vir die plattelandse gemeenskap se unieke omstandighede en geroepe voel vir die bediening op die platteland; met 'n begrip vir die invloed van die landbou op die gemeente en die breër gemeenskap.
- 'n Geleëtimeerde predikant van die NG Kerk wat geroepe voel om die gemeente op te bou tot 'n aktiewe dienende gemeente.
- 'n Leraar wat ingestel is op persoonlike kontak, opbouende kommunikasie en verhoudings bou deur onder andere huisbesoek en ander pastorale besoeke.
- 'n Leraar wat gemaklik is in die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun en te bevorder.
- 'n Leraar wat die jeug kan inspireer om betrokke te wees by die kerk, maar wat ook die behoeftes van bejaardes kan aanspreek.

VERGOEDING EN VOORDELE:

- Die pos is vir 'n twee jaartermyn, maar kan met wedersydse instemming verleng word.
- 'n Mededingende salaris en voordele sal onderhandel word tydens die onderhoud. Daar is 'n ruim pastorie met dienste beskikbaar op die kerkperseel.

AANSOEKE:

Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige CV, die name en kontakbesonderhede van drie referente en 'n dekbrief waarin gemotiveer word waarom u geroepe voel om hierdie taak op te neem.

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.

Rig aansoeke aan:

E-pos: ngkerkohrigstad@gmail.com of skakel:
Altus Bylsma (Finansies) – 082 499 5246.
Sarajóh Marais (Skriba) – 082 575 0282.

SLUITINGSDATUM: 15 Januarie 2021. Diensaanvaarding: 1 Mei 2021.

**NG KERK MIDDELBURG-KAROO****VAKATURE: Leraarspos
(Onbepaalde termyn)**

Gemeenteprofiel: Middelburg-Karoo is 'n plattelandse gemeente in die Oos-Kaap met sowat 470 belydende en 80 dooplidmate ingedeel in 14 dorps- en vyf plaaswyke. Die dorp beskik oor 'n hoër- en laerskool, sowel as 'n landboukollege. Sien www.ngkok.co.za/gemeentes/mk/mkprofiel.docx vir 'n meer volledige profiel.

Leraarprofiel: Die leraar is 'n entrepreneur en implementeer 'n groeistrategie vir die gemeente, wat insluit: onaktiewe lidmate, geestelike groei, nuwe geloofsgemeenskap oor huidige gemeentegrense, die insluit van jongmense en skoolkinders en die bediening aan seniors; 'n goeie luisteraar met 'n fasiliterende styl van leierskap wat lidmate mobiliseer, bemagtig en verenig om hulle gawes in die bediening van die gemeente uit te leef. Netwerkvorming met rolspelers in die gemeenskap is 'n prioriteit.

Pligte: Basiese leraarspligte soos ooreengekom met die gemeenteraad.

Vergoeding en voordele: Volgens die traktement van die NG Kerk. Ruim pastorie met dienste, kommunikasietoelaag en voertuig vir gemeentewerk word voorsien.

Aansoeke: Rig aan die gemeenteraad by ngkerkkaroo@gmail.com (Cc: wjolvier71@gmail.com). Die CV (nie langer as vier bladsye is nie) moet vergesel wees van die voltooid vraelys by www.ngkok.co.za/gemeentes/mk/mkvraelys.docx. Kandidate op die kortlys moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt indien die gemeenteraad dit so vereis.

Sluitingsdatum: Maandag 14 Desember 2020 om 16:00.

Diensaanvaarding: 1 Februarie 2021.

Navrae: Dr Willem Olivier: wjolvier71@gmail.com / 083 702 5218

Attie Westraad: attie@agnet.co.za / 071 606 5625

Die gemeenteraad behou die reg voor om nie noodwendig die pos uit enige van die aansoekers of genomineerdes te vul nie.

**Die Ned Geref Kerk en die Ned Herv Kerk in Harare,
stel hiermee gesamentlik die volgende bekend:****VAKATURE: LERAARSPOS, VASTETERMYN****Gemeenteprofiel:**

Die twee gemeentes het 'n samewerkingsooreenkoms gesluit en beroep saam 'n leraar wat beide gemeentes sal bedien. Gesamentlike eredienste word reeds gehou, terwyl ook besluit is om bediening in die gemeentes en gemeenskap te koördineer. Die gemeentes is tipiese stedelike gemeentes en bestaan grootliks uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die pos is 'n vastetermynpos vir drie jaar wat met wedersydse instemming verleng kan word.

Leraarsprofiel:

Die geskikte kandidaat moet

- volledig en goed tweetalig wees (Afrikaans- en Engelssprekend – eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels geleë);
- oor 'n fyn aanvoeling vir bediening aan alle ouderdomsgroepe beskik;
- goeie gesondheid geniet.

Die gemeentes sal 'n lewenskragtige persoon wat pas geëmeriteer het, baie sterk oorweeg.

Posbeskrywing:

- Die predikant moet die nuutgevormde samewerking tussen die NG Kerk en die NH Kerk as een gemeente, kan hanteer en uitbou.
- Die predikant moet sy pligte volgens KO Artikel 9 van die NG Kerk en die kerkordelike bepaling 2.1.5. van die NH Kerk uitvoer.
- Die beroep is onderhewig aan die suksesvolle verkryging van 'n werkspersmit.

Vergoedingspakket:

- Vergoeding en voordele sal tydens 'n onderhoud verstrekkend word.
- Gemeubileerde huisvesting is beskikbaar.
- 'n Voertuig vir gemeentelike gebruik in Zimbabwe word verskaf.

Aansoeke sluit op 31 Januarie 2021

- Diensaanvaarding 1 Maart 2021 of so gou moontlik daarna.
- Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV (maksimum drie bladsye) met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan: drcharare@mango.zw

Navrae: Oudl Deon Theron +263 77 224 6233 en oudl Rinus Grau +263 71 261 1536. Ds Nicolaas Steenekamp, die konsulent van die NH Kerk Harare, kan in die RSA gekontak word vir inligting – 073 279 3315.

Die kerkrade behou die reg voor om nie 'n beroep uit die aansoeke uit te bring nie.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Middernagdiens is om die draai

Al weer Desember. Kersfees. Oujaar. Nuwejaar. Feestyd. Vrolikheid.

Hoewel, Oujaarsdag was vir my nog nooit juis 'n vrolike dag nie, van my kindertyd af al.

Pa het ook die aand vleis gebraai, ja. En Oupa en Ouma was miskien daar. En oom Kerneels het dalk 'n bietjie op die kitaar getokkel. En tant Pop het haar hoë laggie gelag. Maar hier teen tienuur se kant het almal stil geraak en hulle kerkklere gaan aantrek. Op Oujaarsdag het ons na die middernagdiens toe gegaan.

Pa, die dorp se predikant, het uiteraard die diens gelei.

Baie van die dorpsmense was op Hartenbos of Margate of iewers met vakansie, maar die middernagdiens is steeds baie goed bygewoon. Die mense wat jy deur die jaar byna nooit in 'n diens gesien het nie, het op Oujaarsdagaand kerk toe gekom. Ook oom Johnny wie se bakkie knaend voor die hotel gestaan het, was altyd daar. Oom Johnny, die wewenaar, wat glo 'n ateïs geword het nadat sy vrou jare gelede, hulle was

beide toe nog jonk, aan bloeding-op-die-brein dood is.

Dit was ook die enigste diens wat die Prinsloos die hele jaar bygewoon het – die Prinsloos wat hulle honde in hulle sat, ou Ranger se wieldoppe kosgegee het.

Hier teen kwart-oor-elf se kant het Ma ons die kerk in gelei, tot by die pastoriebank heel voor. Ou tannie Berdina het dan reeds in die bank agter ons gesit, omgeef deur die reuk van Four-Seven-Eleven-parfuum.

Op die galery het Mervyn van ant Bekkie skugter voor die orrel ingeskuif. Tant Nan, ons orrelis, was met Oujaar altyd by haar kinders, en Mervyn, 'n maer seun wat boeke oor blommerangskikking uit die dorpsbiblioteek geleen het, het altyd waargeneem as orrelis, wat beteken het oom Andries het die sang gelei.

En dan het hulle ingestap, die ooms en die tannies, die boere en die myners – almal op die dorp wat nie op Hartenbos of Margate was nie. Die klein Prinslootjies het gewoonlik hulle japonne aangehad. En oom Johnny se gestrepte das was so losserig om sy nek geknoop. Dit was asof

oom Johnny die das gedra het net ter wille van ons, nie van homself nie.

Dan het Pa by die konsistoriedeur uitgekom en op die preekstoel geklim.

En as jy omgekyk het, sou jy oom Lourens Enslin op sy hurke agter in die portaal sien sit het in sy vaal jas. Hy was 'n kluisenaar wat alleen in 'n sinkhuisie naby die skouterrein gewoon het, oom Lourens. Die mense het gesê dit is van slimgheid lat hy so kênserig is.

Pa se preek was meer gedemp as gewoonlik op 'n Oujaarsdagaand, vol nabetrugting en fonteine van genade. Dan, ná 'n gebed vol berou oor nog 'n jaar se sonde en verspilde geleenthede, het die gedeelte aangebreek waarvoor party gekom het: die uitlees van die name van dié wat in die loop van die jaar oorlede is. Of hoe het Pa dit nou weer gestel? “Dié wat ons in die jaar ontval het.”

Pa sou eers stil oor ons uitkyk na wie waar sit. “Frederik Lodewyk van Tonder,” sou hy dan oom Freek, wat een oggend skielik by die wasbak in sy badkamer aan 'n hartaanval dood is, se naam in 'n singerige stem lees. Dan sou

tannie Breggie, oom Freek se weduwee, vir 'n paar oomblikke opstaan. “Sara Johanna Josina Klue ... Bernardus Lambertus Nel ...” terwyl oom Johnny in die agterste bank 'n traan met sy wysvinger van sy wang vee en rondkyk of iemand dit nie gesien het nie.

Op sulke aand, met die torre en besies wat bokant ons kop om die ligte teen die dak draai en draai, het dit gevoel asof die doodsengel iewers tussen ons in die kerk sit, onsigbaar, besig om ons klomp deur te kyk.

Nadat Pa die name gelees het van hulle wat ons ontval het, het hy ook die lys gelees van die babas in die gemeente wat in die jaar gebore en gedoop is. Dit het 'n mens darem 'n bietjie beter laat voel.

Dan het Pa vir oom Hansie, die koster, gevra om die kerk se ligte af te skakel. Totdat die klok twaalf keer slaan, was daar tyd vir 'n stilgebed en stil nadink oor die jaar wat verby is. Dan het jy daar in die donker gesit met jou sonde en jou twyfel en jou vrese: Gaan jy aanstaande jaar nog leef? Wie se name gaan Pa dán lees?

Nadat die klok twaalf keer geslaan het, het oom Hansie die klok vir 'n rukkie gelui asof hy die doodsengel wou verjaag en ons siele wou verkwik. Dan het hy die kerk se ligte weer aangeskakel en het Pa almal 'n voorspoedige nuwe jaar toegewens.

Ons het altyd afgesluit met die sing van die Onse Vader – oom Andries se basstem heel voor, dan Mervyn met die orrel, dan ons ander.

Ek weet nog nie waar ek hierdie jaar op Oujaarsaand gaan wees nie. Miskien sal ek 'n kerkdiens bywoon, saam met my geliefde. Maar waar ek ookal gaan wees, sal ek weer aan daardie aand dink: Pa op die kansel, Ma, tannie Berdina en die reuk van Four-Seven-Eleven-parfuum, oom Lourens Enslin op sy hurke in sy vaal jas, oom Johnny met sy losserige das. Sonde. Ek. Genade. Hoop.

Party dinge ontgroeï jy nie.

Klein venstertjies op God



Die versorgde herder

Miljoene Suid-Afrikaners beleef tans 'n situasie van ontworteling, onveilig- en tuisteloosheid. 'n Soort ballingskap. Ander beleef weer die teendeel. Hulle het tuis gekom sedert 1994.

Die ballinge in Babel het ook erg ontwortel en tuisteloos gevoel. Hulle verlies aan 'n vaderland (beloofde land) en persoonlike besit was groot.

Die kerk van die Here in hierdie wêreld het geen blywende stad nie en bevind haarself altyd in 'n situasie van ballingskap. Ons troos is egter dat God altyd met sy kerk onderweg is na die nuwe Jerusalem. Na verlossing en bevryding.

Die profeet Jesaja kon seker nie die ballinge met 'n mooier en bekender beeld as dié van die herder getroos het nie: Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lamms maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie (Jes 40:11).

Hierdie goeie Herder dra ons teen sy bors na die nuwe Jerusalem en versorg ons in ons ballingskap. Daarop kan ons reken.

– Kobus Smit
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit
Plek: Vleiwerf te Williston

Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.
Presies soos ons eie.

www.krugerinternasional.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasional.co.za
PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE

KRUGER
Internasional